basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## NOVEMBER 2023

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 29 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. LENGTE VAN ANTWOORDE

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250 tot 300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400 tot 450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE


**AFDELING A: GEDIGTE**

**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1. "Die bokser" | Opstelvraag | 10 | 6 |
| 2. "Susan Boyle" | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| 3. "27 april 1994" | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| 4. " 'n Paternoster vir Suid-Afrika" | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |

**EN**

**Ongesiene gedig: Verpligtend**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5. "Bont" | Kontekstuele vraag | 10 | 11 |

**AFDELING B: ROMAN**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6. *Onderwêreld* | Opstelvraag | 25 | 12 |
| 7. *Onderwêreld* | Kontekstuele vraag | 25 | 12 |
| 8. *Manaka Plek van Horings* | Opstelvraag | 25 | 15 |
| 9. *Manaka Plek van Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 15 |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 18 |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 18 |
| 12. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 21 |
| 13. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 21 |

**AFDELING C: DRAMA**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 24 |
| 15. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 24 |
| 16. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 27 |
| 17. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 27 |


***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman<br>(Opstel of kontekstueel) | 6–13 | 1 | |
| C: Drama<br>(Opstel of kontekstueel) | 14–17 | 1 | |

**LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

## VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**Die bokser – Ernst van Heerden**

Die grense van die klein kryt
is hellende onvastigheid,

waar wit bors fier teen wit bors staan
en skim teen skim die skynhou slaan;

die lyf word wiegend – ritmies, sterk –
tot skerm en liemaak ingeperk;

vier donker oë blits fel en woes,
wyl twee gedaantes mik en koes;

maar elk groteske vuis se smak
laat lis en weerstand verder knak ...

die liggaam is so rank gebou
en weerloos teen dié man se hou;

tog sal my mokerslag hom tref
waar hy hom vaag en grynsend hef,

sy beeld versplinter in die glas
waar netnou my gestalte was;

'n flikker-weerskyn word verskerf,
'n lyf stort soos 'n koring-gerf ...

Wie is die man wat roerloos lê,
wie't 'n bekende naam gesê?

Waarom die skaar aan't roep en fluit,
en waarom flakker ligte uit ...?

[Bron: *Groot Verseboek*]

Die tema van kwesbaarheid word effektief deur sprekerperspektief, woordgebruik en retoriese middele aangetoon.

Bespreek die stelling in 'n opstel van 250 tot 300 woorde. **[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Susan Boyle – Kobus Grobler**

daar staan jy inskrywing 43212
voor die pilatusse van *Britain's got talent*
aangeja soos 'n skaap
miserabel vaal in die lig verguis
die monobrou en die kapsel raam
jou vertelsel van 'n klein Nasaret
Simon spot, skares jou uit:
jy is die grap van die jaar

met die eerste woorde van *I dreamed a dream*
het jy vanuit vernederende vooroordeel
hulle en miljoene ander op YouTube
in ongeloof laat aanskou
hoe jy jare se troeteltalent
aan die hele wêreld skenk

[Bron: *Toulopers, verse vir tieners*]

2.1 Waarna verwys "43212" (versreël 1) letterlik EN watter afleiding oor Susan Boyle kan hieruit gemaak word? (2)

2.2 Benoem en verduidelik die beeldspraak in versreël 2. (2)

2.3 Susan Boyle word in versreël 3 en 4 as 'n patetiese karakter voorgestel. Watter halfrym versterk hierdie gedagte? (1)

2.4 Dink jy Susan Boyle se liedjiekeuse in versreël 9 is gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

2.5 Verwys na versreël 13 en 14.

2.5.1 Wat word deur die gebruik van die woord "troeteltalent" geïmpliseer EN hoe word hierdie woord uitgehef? (2)

2.5.2 Watter TWEE opeenvolgende woorde kontrasteer met "troeteltalent"? (1)

2.6 Verwys na versreël 7 en 8 asook versreël 13 en 14.

Waarom, dink jy, kan die slotversreëls as 'n ironiese uitkoms vir Susan Boyle beskou word? (1)

**[10]**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**27 april 1994 – Vincent Oliphant**

uiteindelik vou ek die verlede toe
knyp sy vlerk tussen duim en vinger vas
tot hy veilig deur 'n gleuf in die geskiedenis glip
en anderkant
wonderbaarlik
vry
die duif van vrede sy blou vlerke sprei

sodat my nuutgebore stem na woorde smag
om 'n lied vir my land
soos 'n vlag aan die tong te laat sweef
bo die geruislose val van skanse van die vel

sodat ek vry uit die vervreemding tree
om in die oë van vergetenes en langverlorenes
uiteindelik myself te kan sien
soos iemand wat ek nooit geken het nie

om aan hulle die hand te gee
en te voel hoe vlees en vlees ontmoet

want een lyn van bloed loop deur die eeue
loop deur die ganse geskiedenis
loop deur elke uithoek van die land
loop deur my en loop deur jou
van Genesis tot nou

[Bron: *Die sagte vlees*, 1998]

3.1 Na watter belangrike gebeurtenis in Suid-Afrika verwys die titel? (1)

3.2 Wat is die stemming in versreëls 1 tot 7? Noem TWEE maniere waarop hierdie stemming geskep word. (3)

3.3 Benoem en verduidelik die beeldspraak in versreël 11. (2)

3.4 Watter progressie word met die herhaling van die woord "vry" in versreël 12 bewerkstellig? (1)

3.5 Waarom, dink jy, is die gebruik van die koepletvorm in versreël 16 en 17 gepas? (1)

3.6 Tot watter TWEE insigte kom die spreker in die slotstrofe? (2)
**[10]**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**'n Paternoster vir Suid-Afrika – Lina Spies**

Here, laat die name geheilig word
van al die kinders van die land –

van hulle
wat modderkoekies gebak het uit sy aarde,
dassies skrikgemaak het in sy klowe,
wol getrap het in sy krale.

Ek het asemloos toegekyk:
swart bolywe geboë oor magtelose diere
en skerp skêre wat my laat wag het,
bang vir die glip-slag, die bloed, die pyn.
Maar die swart versigtige hande
het selde dieper as die wit geknip
en ek kon die lootjies uitdeel
want die arbeider was sy loon waardig
volgens die aantal wat hy vrygemaak het
om ligvoets teen die somerheuwels uit te wei.

Maar die bale is lankal toegewerk en weggestuur,
die wololie van my voete afgewas,
my bene nie meer lam getrap nie.

Vergewe ons, die vergeetagtiges, die uitgerustes,
soos ons hulle vergewe, die luidrugtiges
wat nooit binne die kraal was nie,
wat nooit rietperd gery
en kaalvoet geloop het nie,

en Here, sien ons hande aan:
Kyk, om my wit pols is 'n armband van gras;
my donker speelmaat het dit kunstig gevleg
soos ek nooit kon nie ...

Aan U behoort die land
en die son
en die skape van sy weiding

Gee ons liefdevolle hande, Heer,
en sny U self versigtig aan die belemmerende kleed
dat daar nie onnodig bloed verspil nie

en deel U self die lootjies uit

[Bron: *Digby Vergenoeg,* 1971]

Kopiereg voorbehou 

4.1 Skryf die aanspreekvorm uit versreël 1, wat die titel ondersteun, neer. (1)

4.2 Watter TWEE verskillende emosies word met die gebruik van "asemloos" (versreël 7) opgeroep? (2)

4.3 Watter woord in strofe 4 dui op progressie in tyd? Verduidelik wat hierdie progressie impliseer. (2)

4.4 Vergelyk versreëls 25 tot 28 met versreël 32.

4.4.1 Benoem die stylfiguur in versreël 32 EN verduidelik wat op figuurlike vlak met die versreël bedoel word. (2)

4.4.2 Dink jy die spreker se versoek in versreël 32 is geregverdig teen die agtergrond van versreëls 25 tot 28? Motiveer jou antwoord. (1)

4.5 Met watter letterlike handeling vroeër in die gedig skakel versreël 35? Evalueer die geslaagdheid van die gebruik van progressie in dié versreël. (2)
**[10]**

**EN**

## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Bont – Luan Pettit**

My erfenis is meer as 'n taal,
dis my tong se trippel oor Tsitsikamma,
suutjies se sus en toemaar se troos.
Dis bliksem se befoeterdheid en voetsek sê se vuishou.
Dis 'n flerrie wat haar flikkers gooi en
die slof en plof van 'n knus pantoffel.
My erfenis is bont.

My erfenis is meer as 'n land,
dis sonligspatsels wat dans tussen golwe
en wiegende blertse rooi papawers tussen vaal grasvlaktes.
Dis die Sederberg se skurwe knoetse
en huisies soos kardoesies wat rus
onder 'n blink gespikkelde Karoonag.
My erfenis is bont.

My erfenis is meer as kultuur.
Dis hoendervleis-lekker en die knop in my keel
as Nkosi weerklink deur 'n skare, groen en geel.
Dis boer-maak-'n-plan-vasbyt en Ubuntu-oemf,
dis braaivleis en stoepsit en kuier tot laat,
'n oopbekglimlag. 'n Afrikahanddruk.
My erfenis is bont.

[Bron: *Poort,* 2019]

5.1 Watter tipe spreker vind ons in die gedig? (1)

5.2 Benoem die halfrym in versreël 2. Dink jy dat die gebruik daarvan geslaagd is? Motiveer jou antwoord. (2)

5.3 Benoem en verduidelik die beeldspraak in "gespikkelde Karoonag". (2)

5.4 Lei af wat die spreker met "My erfenis is bont" (versreël 21) bedoel deur EEN woord uit elke strofe neer te skryf wat elk op 'n ander aspek van die land dui. (3)

5.5 Wat, dink jy, is die funksie van die polisindeton in versreël 18 en 19? (1)

5.6 Watter woord in hierdie gedig dui op die ryke verskeidenheid van die land? (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### *ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde hoe die tema van magsmisbruik op Greg van toepassing is. **[25]**

### VRAAG 7: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A

"Sorry, Ma, ek kyk 'n bietjie rond. Ons kon mos nooit sien waaroor die Matrieks van die vorige jare so te kere gaan nie."

"Ons het die koelsak in die motor vergeet. Daar is 'n paar eet- en drinkgoedjies in wat ek vir jou saamgebring het vir jou yskas. Sal jy dit gou gaan haal, asseblief?"

Ek sit net af na die trap toe, toe ek 'n vreemde gesig tussen die ander ouens raaksien. Donkerkop, ongeskeer. Strakgesig. Sy oë kyk 'n oomblik lank na my van onder sy donker wenkbroue, flits dan weer weg. Hy stap af met die gang. Oor sy skouer hang daar 'n laptopsak. In een hand hou hy 'n stuk gevoude papier en 'n sportsak vas, in die ander 'n tas.

En ek kan dit sommer ruik: 'n nuweling. Kan jy nou meer? In ons laaste jaar. Sy pa moet connections uit 'n ander wêreld hê.

"Is jy seker jy is op die regte vloer?" vra ek toe ek hom inhaal.

"Ek kan tel," sê hy, terwyl sy oë 'n oomblik lank op my vasgenael bly. Moeilikheid, sien ek. Hierdie ou soek moeilikheid.

"Ja, maar kan jy tot vyf tel? Hierdie vloer is net vir Matrieks."

"Zero's en One's is al wat jy nodig het," sê hy.

Ek frons, weet nie wat hy bedoel nie. Ek kan sien hy weet dit.

"Wie's jy?" vra ek.

Hy bly 'n oomblik stil en kyk my net aan, sê dan: "Eckardt. My naam is Eckardt." Toe draai hy om en loop verder die gang af.

7.1 Watter tyd van die skooljaar is hier ter sprake? (1)

7.2 Wat kan jy oor die verhouding tussen Greg en sy ma uit reëls 1 tot 4 aflei EN hoe verskil dit van Greg se verhouding met sy pa? (2)

7.3. Greg en Eckardt se eerste ontmoeting is ter sprake.

7.3.1 Waarom, dink jy, is Greg se antagonisme teenoor Eckardt tydens hulle eerste ontmoeting ongeregverdig? (2)

7.3.2 Tot watter slotsom kom Greg uiteindelik ten opsigte van hierdie indrukke wat hy oor Eckardt gehad het? (1)

7.4 Watter rol speel Eckardt se oë (reël 6) later tydens die Trapper-ritueel? (1)

7.5 In watter opsig word Greg se vooropgestelde idee (reël 11) enersyds reg en andersyds verkeerd bewys in die slot van die roman? (2)

7.6 "Zero's en One's is al wat jy nodig het," sê hy. (Reël 16)

7.6.1 Waarna verwys Eckardt in die reël hierbo EN by watter betekenismoontlikheid van die titel sluit hierdie woorde aan? (2)

7.6.2 Wat het daartoe gelei dat Greg later in die roman by "Zero's en One's" betrokke geraak het EN wat was die gevolg van sy betrokkenheid? (2)

7.7 Watter onsekerheid bestaan in die slot van die verhaal ten opsigte van Eckardt se naam? (Reël 19) (1)

**EN**

**TEKS B**

Ek staar net na hom, skrik dan, want vir die eerste keer besef ek ek het nog nooit behoorlik gekyk hoe hy lyk nie. Nog nooit lánk nie. Die beeld van hom wat al die jare in my kop ingeprent lê, is meer dié van die belangrike sakeman met die afsydige houding en die verwagtinge as die man self.

Maar nou kýk ek, soos 'n mens sal kyk na die gesig van 'n sieke in 'n hospitaalbed. Sonder om 'n oog te knip. Al die jare tussen ons, en ek het hom nooit genuinely geken nie. Ek het nooit kon dink hy sou deurmekaar raak met iets so afgrysliks soos wat met die virus gedoen kan word nie.

"Ek weet, Pa …" Dis al wat ek vir hom sê, en ek verwens my eie stem wat nou so dun is.

Hy staan net daar. Sy kakebeen beweeg nog effens en stop dan. Klem saam. Die vel by sy wangbeen maak 'n duikie.

Wat dink hy? wonder ek.

En demmit, ek wil nie, maar ek voel hoe ek begin hartseer word. Ek wil vloek. Maar ek wil ook sê ek is jammer. Ek wil sê: "Pa, hoe kon jy dit doen?" Ek wil my vuiste bal en hom slaan soos ek vir Eckardt geslaan het. Maar somehow doen ek nie een van die dinge nie.

Dis tyd vir grootword.

En terwyl ek so na my pa kyk, sien ek vir die eerste keer hoe hy pynlike oomblik vir oomblik afgetakel word. Sy skouers sak laer. Sy fors houding verkrummel.
Skanse breek.

7.8 Watter tipe verteller tree hier op EN waarom is hierdie tipe verteller in reëls 13 tot 17 voordelig? (2)

7.9 Waarom het Greg se pa by "iets afgrysliks" (reël 7) betrokke geraak EN watter insig het Greg as gevolg van sy pa se betrokkenheid hierby verkry? (2)

7.10 Noem TWEE sake waarna Greg verwys as hy sê: "Ek weet, Pa …" (reël 9) EN waarom is dit ironies dat Greg emosioneel raak wanneer hy sy pa se innerlike konflik waarneem? (3)

7.11 Sowel Greg as Eckardt se pa's ervaar in hulle lewens dat hulle vasgekeer voel.

Sou 'n mens Greg se pa enersyds en Eckardt se pa andersyds van lafhartigheid kan beskuldig? Motiveer jou antwoord met verwysing na beide pa's. (2)

7.12 Verwys na reëls 5 tot 9 van TEKS A en reëls 1 tot 4 van TEKS B.

Met watter houding het Eckardt in TEKS A en Greg se pa in TEKS B hulle onderskeidelik teen die buitewêreld beskerm? (2)
**[25]**

***MANAKA PLEK VAN HORINGS*** **– Pieter Pieterse**

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN HORINGS* – OPSTELVRAAG**

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde hoe die tema van Christenskap op Baas van toepassing is. **[25]**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

In die herfs van 1994 staan Baas Chipman by Manaka langs die Zambezi na sy boot en opkyk. Hy probeer beweeg aan die stellasie. Dit roer nie. Dis 'n stewige struktuur van dik mopaniepale wat hy en Mark met die laebakvragmotor aangery en diep ingeplant het. En die toue waarmee die dwarsbalke aan die stutpale vas is, sal hou.

Al waaroor Baas jammer is, is dat hulle van die worsboom se takke moes afsaag om die boot se stuurkajuit verby te kry. Die houtbankies onder die boom het ook in die slag gebly.

"Eendag sal ons dit vervang," sê hy vir die ses honde. Lady is nie by nie. Sy is weer op hitte. Hy het haar toegemaak in die draadhok wat hy vir die doel gebou het. Vir nog 'n klomp hondjies is daar nie tyd nie. Hy moet huis bou en die gereedskap en die materiaal vir die werkery aan die romp en die kajuite bestel en aanry.

Hy klim teen die boot op om sy tuisgemaakte leer van mopaniepale te toets. Die kiaathoutdwarslatte vat sy honderd kilogram met gemak. Hy gaan haal die blik verf onder die ruim en verf die naam Zambezi Joy dood.

Dan klim hy tot op die stuurkajuit se dak en stut sy pontboot se nuwe naam teen die bakboord maslig se paal om te kyk hoe dit lyk. Dit is die naam wat hy tydens sy omswerwinge tussen Livingston en Mambova tydsaam in groot sierletters op die plank geverf het. Maar hy skroef dit nie vas nie. Nog nie.

9.1 Naamgewing speel 'n belangrike rol in Manaka.

9.1.1 Wat beteken "Manaka"? (1)

9.1.2 Op watter familie-ooreenkoms tussen Baas en sy naamgenoot-oupagrootjie dui die naam Manaka? (1)

9.1.3 Die naam "Baas" kan moontlik op meerderwaardigheid dui. Dink jy dit is waar van dié hoofkarakter? Motiveer jou antwoord. (1)

9.2 Verwys na reëls 6 tot 9.

9.2.1 Waarom voel Baas sentimenteel oor die worsboom en die bankies? (1)

9.2.2 Evalueer die rol wat die bankies uiteindelik speel ten opsigte van die geestelike groei wat Baas deur die verloop van die verhaal ervaar. (1)

9.3 Verwys na reëls 9 tot 11.

Waarom het Baas sy een hond juis Lady gedoop? Noem EEN insident waartydens Lady besitlik teenoor Baas optree. (2)

9.4 "Hy gaan haal die blik verf onder uit die ruim en verf die naam Zambezi Joy dood." (Reël 14 en 15)

9.4.1 Op watter nuwe naam besluit Baas vir die pontboot EN waarom juis hierdie naam? (2)

9.4.2 Verduidelik hoe die bootnaam tot 'n wanpersepsie lei EN watter krisis in Baas se lewe blyk uit sy huiwering om die bootnaam vas te sit. (2)

9.5 Baas leer verskeie lewenslesse na die verkryging van die pontboot.

Motiveer die stelling deur 'n gepaste lewensles EN 'n toepaslike bewys uit die verhaal te noem. (2)

**EN**

**TEKS D**

"Vertel my iets wat ek nie weet nie. En verskoon my as ek reguit praat. Jy sê die mense praat omdat ek die laaste tyd kwaai is. Ek is nie kwaai nie. Ek is die donder in. En dis hierdie soort ding wat my só gemaak het. Ek hét niks meer om te gee nie."

"Dit is oor jy siek is dat jy nou só praat," skerm Grace.

"Dit het niks met siekte te doen nie. Ek is net heeltemal gatvol! Hoekom dink jy lê die materiaal om my boot reg te maak vir byna 'n jaar onder die plastiekseile en vrot? Hoekom dink jy lyk ek soos ek lyk? Hoekom het ek nie pille gehad toe ék malaria gekry het nie? Maak dit vir julle saak dat ek ook 'n lewe het om te leef? Dink jy ek het Barotseland toe gekom om verantwoordelik te voel vir almal se skete en kwale en hongersnood? Ná my pa en ma deur 'n spul barbare vermoor is?" Baas begin hoes. Hy is uitasem en sy keel is rou. Mense kom uit die winkels om te kyk na die man wat so raas.

"Ek is jammer om te hoor van jou pa en jou ma. Dit is 'n baie slegte ding wat gebeur het. Miskien moet ek ook reguit praat. As die Here daar by Manaka vir jou kom sê het jy gaan nie van hierdie siekte gesond word nie en daar is net één ding wat jy nog kan kies om klaar te maak ... sou jy die boot gekies het?"

9.6 Watter gebeurtenis het daartoe aanleiding gegee dat Baas en Grace hulle tans in Ngweze bevind? (1)

9.7 Waarom is dit geloofwaardig dat Baas in reël 2 kru taal gebruik? Gee TWEE redes. (2)

9.8 Waarna verwys Baas wanneer hy praat van "hierdie soort ding" (reël 3)? (1)

9.9 "Maak dit vir julle saak dat ek ook 'n lewe het om te leef?" (Reël 8)

9.9.1 Dink jy dit is regverdig dat Baas vir Grace by die "julle" insluit? Motiveer jou antwoord. (1)

9.9.2 Watter TWEE karaktereienskappe van Grace word in TEKS D uitgebeeld? Motiveer jou antwoord met aanhalings uit die teks. (2)

9.10 Waarom is Baas se vraag in reëls 8 tot 10 ironies? (1)

9.11 Watter tipe verteller tree hier op EN waarom is hierdie tipe verteller in reëls 10 tot 12 voordelig? (2)

9.12 Verwys na reël 1 en 2 in TEKS C en reëls 13 tot 16 in TEKS D.

Watter droom van Baas is in TEKS C ter sprake EN dink jy hierdie eerlike gesprek in TEKS D het 'n invloed gehad op die verwesenliking van Baas se droom later in die roman? Motiveer jou antwoord. (2)
**[25]**

**_VATMAAR_ – AHM Scholtz**

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 10: _VATMAAR_ – OPSTELVRAAG**

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde hoe die tema van armoede op Oom Chai, Ta Vuurmaak en Tant Wonnie van toepassing is. **[25]**

**VRAAG 11: _VATMAAR_ – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**

Die drie vroumense het op diervelle op die grond geslaap. Die velle is oordag saam met die komberse en kussings opgerol. 'n Leiklipplaat van omtrent 'n jaart by 'n jaart het op vier pale wat in die vloer ingeplant was, gerus. Bo-op het drie borde en drie bekers gestaan en onder die kliptafel was daar 'n paraffienblik om water uit die put te skep. Tant Wonnie se man het nog die put saam met Vatmaar se mense gegrawe. Nou het dit aan hulle se buurman, Dirk Twala, behoort. Hy het 'n koei en kalf daarvoor betaal.

Die koei is twee jaar tevore in die groot droogte dood, en die kalf, wat 'n jong bul geword het, is geslag.

Die meeste van die putte het toe opgedroog, net soos die opvangdam anderkant die begraafplaas. Maar Tant Wonnie se put en 'n paar ander het altyd water gehad en almal kon daar kom water skep. Niemand is weggestuur nie want Dirk Twala het gesê al is die put syne, gekoop met 'n lewendagge ding, sal die water lewenslank aan Tant Wonnie behoort. Sy kon dit weggee soos sy wou.

En soos dit gaan met mense wat regtig arm is, is die water en die meeste van die bulletjie se vleis met mense gedeel.

Die vuurmaakplek was buitekant die een-kamer. Drie groot stukke leiklip wat op drie kante in die grond gesteek is. Die vierde kant was oop. Daar het 'n driebeenpot gestaan en 'n ou skottel op 'n klip om in te was.

11.1 Waar het Tant Wonnie gewoon? (1)

11.2 Verwys na reël 1.

11.2.1 Watter karaktereienskap het Tant Wonnie met haar dogters gedeel? Motiveer jou antwoord vanuit die roman. (2)

11.2.2 Watter een van die drie vrouens bots later met die gereg EN watter karaktereienskap van dié vrou beïndruk die regter? (2)

11.3 Wat word deur die woorde in reël 5 oor die mense van Vatmaar geïmpliseer? By watter ander karakter as Dirk Twala is hierdie karaktereienskap ook kenmerkend? Motiveer jou antwoord. (2)

11.4 Verwys na reëls 10 tot 14.

11.4.1 Op watter manier dra Dirk Twala se goedhartigheid teenoor Tant Wonnie tot die karakterisering van Tant Wonnie self by? Gee nog 'n bewys vanuit die roman waar dié karaktereienskap by Tant Wonnie na vore kom. (2)

11.4.2 Kan die naam, Tant Wonnie se put, vanuit die roman geregverdig word? (1)

11.5 Dink jy die ruimtelike beskrywing van Tant Wonnie se blyplek in reëls 17 tot 19 is funksioneel? Motiveer jou antwoord. (1)

11.6 Tant Wonnie tree as rolmodel in Vatmaar op.

11.6.1 Watter vriendin van Tant Wonnie is ook 'n rolmodel in Vatmaar? (1)

11.6.2 Op watter TWEE maniere het Tant Wonnie se dogter Suzan haar ma se waardes in die Vatmaar-gemeenskap uitgeleef? (2)

11.7 Watter vertellersperspektief vind ons in hierdie teks? (1)

**EN**

**TEKS F**

Sy het by die kapkar gestop. Ou Jones, hier is 'n job vir jou, het sy gesê. Vat hierdie twee Vatmaar toe. Hier is die bewys, ek sal dit teken en dan kan jy môre die geld gaan haal.

Dankie, Juffrou, het hy gesê en die "good for" gevat.

Stoffel Jones het die twee sakke kos en die bruin papierkardoes gevat. Die domanie se vrou het in die kar bly sit en net gesê: Laat dit goed gaan.

Stoffel Jones het sy keps afgehaal en dit met albei hande teen sy bors gehou. Ma en dogter het net geglimlag want hulle kon nie die bedankingswoord oor hulle lippe kry nie.

Toe sê Stoffel Jones vir Suzan: Dit is mos vir jou wat ek na jou suster toe gevat het.

Ja, Oom.

En Mevrou moet Miesies Moeler wees. Hy het sy keps afgehaal en vir Tant Wonnie sy hand gegee. Miesies lyk rêrig mooi. Miesies Moeler word by die dag mooier.

Dankie, Mineer Jones lyk ook goed. Hoe gaan dit by die huis?

Goed, dit help nie om te kla nie.

Hy het rondom die kar en perd geloop om seker te maak alles is in orde.

Ons moet maar ry, ek wil nie in die donker terugkom nie, want dis nie 'n maanskynnag nie.

Tant Wonnie het niks gesê nie want sy was moeg na die lang dag. Suzan het ook 'n dag van bekommernis en angs agter die rug gehad. Die geskommel van die kar het hulle gou vas aan die slaap gehad. 'n Ruk en 'n Ho-ho-ho! het hulle uit hulle diepe slaap wakker geskud.

11.8 Wat is Stoffel Jones se beroep? (1)

11.9 Watter rol het die dominee se vrou in Tant Wonnie se lewe gespeel? (1)

11.10 Wat kan ons uit Stoffel se handeling in reëls 7 tot 9 aflei EN waarom kan Tant Wonnie nie 'n bedankingswoord oor haar lippe kry nie? (2)

11.11 Waarom sou Tant Wonnie en Suzan rede hê om op hierdie dag te glimlag? Noem DRIE redes. (3)

11.12 Verwys na reël 15 en 16 van TEKS E en reël 5 en 6 van TEKS F.

11.12.1 Hoe verskil die optrede van die mense in TEKS E van dié van die dominee se vrou EN in watter opsig is hierdie verskil ironies? (2)

11.12.2 Keur jy die dominee se vrou se optrede goed? Motiveer jou antwoord. (1)
**[25]**

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE*** **– Eleanor Baker**

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 12: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG**

Die vroue in Iris se grootwordmilieu het 'n invloed op haar lewensuitkyk.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 13: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

Ek het my laaste troefkaart uitgehaal en haar vertel van my gesin. Dit het mense gewoonlik vermaak, maar met haar het dit misluk.

" 'n Huishoudster?" het sy skerp gevra. "Het julle 'n huishoudster?"

Ek het Johanna as onderwerp afgeskryf en op Ma gekonsentreer.

"Vir sulke hulpelose vrouens is daar in hierdie moderne tye nie plek nie," het sy Ma verwerp en die vulsel vir die kalkoen gewelddadig geknie. Die sjerrieglas het nog langs haar gestaan en sy het kort-kort bygevul.

Ek het onthou dat ek besig was om te gesels met 'n vrou wat 'n warmwatertenk kon vervang en het oorgeskakel na Elsa en Kara.

"Sy't haar laat steriliseer? Terwyl sy nog jonk en vrugbaar was?"

Nog 'n bloutjie. Ek het vinnig vertel van verwagtende Kara wat haar huis wou vul met kinders in al die kleure van die reënboog.

"H'm," het sy gesê, nie heeltemal goedkeurend nie. "Hoekom is hulle nie getroud nie? Is hy ook een van die soort mans soos Brian?"

My moed was laag. Miskien moes ek in New York gebly en my deur Joe laat fotografeer het. "Ek weet nie. Ek dink hulle sal trou." Dokter Anders en Frederik en Dora het haar ook nie eintlik geamuseer nie. Bowendien was die skottelgoed afgedroog en weggepak en was ek lus vir loop. Maar in 'n laaste desperate poging het ek haar van die Engel vertel en dit was 'n kolskoot.

13.1 Tydens watter tyd van die jaar vind die gesprek tussen Bettie en Iris plaas? (1)

13.2 Dink jy dit is geldig dat Bettie bloot na Johanna as 'n "huishoudster" in reël 3 verwys? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

13.3 "... en die vulsel vir die kalkoen gewelddadig geknie." (Reël 6)

13.3.1 Tot watter wanindruk by Iris lei Bettie se ongesteldheid nadat sy van die kalkoen geëet het? Watter rol speel die Engel daarin dat Iris onder hierdie wanindruk verkeer? (2)

13.3.2 Hoe sluit die latere gebeurtenis van hierdie aand by Iris se lewensfilosofie oor haar naam aan? Verwys in jou antwoord na die betrokke lewensfilosofie en hoe dit met die gebeure skakel. (2)

13.4 Watter kenmerkende eienskap van Elsa, wat sterk kontrasteer met Iris se persoonlikheid, lei tot haar sterilisering? Noem enige TWEE karakterveranderinge by Elsa wat later in die roman voorkom. (3)

13.5 Met wie is Kara (reël 11 en 12) in 'n verhouding EN waarom is die aktuele kwessie ten opsigte van verhoudings tussen rasse hier ter sprake? Noem nog 'n ander aktuele kwessie wat in TEKS G gesuggereer word. (3)

13.6 Verduidelik waarom Joe 'n belangrike rol in Iris se lewe speel. (1)

13.7 Die teenwoordigheid van dr. Anders en Frederik in Iris se lewe veroorsaak konflik tussen haar en die ander mense na aan haar. Stem jy saam? Motiveer jou antwoord deur na dr. Anders en Frederik afsonderlik te verwys. (2)

13.8 Vergelyk dr. Anders se van en sy optrede. Hoekom is sy van ironies? (1)

**EN**

**TEKS H**

"Die Engel is ook hier," het ek vir Peter gefluister toe almal opstaan om op ons gesondheid te drink.
"Het jy hom genooi?" het Peter gevra.
"Hy kom nie net op uitnodiging nie."
"Van wie praat julle nou?" het my nuwe skoonpa gevra, wat aan my ander kant gesit het. Die mense was aan die rondbeweeg en eet en onder die algemene gedruis kon ons praat.
Ek het hom reguit in die oë gekyk. "Die Engel."
"Is hy hier?" het die oom gevra en oor sy mond gevee.
"Ja." Peter het nie saamgepraat nie omdat Ma hom aan die arm beetgehad het en besig was om hom te vertel van Kara se Michel en hoeveel hy nou weeg.
"Waar?" het die oom gevra en bang rondgekyk.
"Agter die blomme. Daar by die venster."
Hy het soontoe gekyk en gefrons. "Ek sien niks nie."
"Oom sal seker nie. Dis net ek wat hom kan sien."
"Kwit," het hy gesê en selfs benouder gelyk. "En dit op julle troudag."
"Natuurlik moet hy hier wees. Hy, by uitnemendheid, moet vandag hier wees."
"Is jou ander susters ook so?" het hy ná 'n ruk gevra, sy oë moeg getuur na die skerp lig in die venster.
"Bedoel oom of hulle ook die Engel kan sien? Nee, dis net ek."
Peter het hom weer na my gewend. "Gaan jy vir Pa aanhou 'oom' sê?"
"Ja." Ek het die oom vas in die oë gekyk en hy het geweet as hy my wil aanvaar, moet hy die Engel ook. Aanvaarding was deel van die kontrak.

13.9 Verwys na reël 1.

13.9.1 Waar het Iris aan die Engel gekom EN wanneer het die Engel die eerste keer aan haar verskyn? (2)

13.9.2 Waarom het Iris in reël 17 beweer dat die Engel "by uitnemendheid" by die troue hoort? (1)

13.10 Dink jy dit is vir Iris belangrik dat net sy die Engel kan sien? Motiveer jou antwoord. (1)

13.11 Watter tipe verteller tree in TEKS H op EN waarom is hierdie tipe verteller in reëls 21 tot 23 voordelig? (2)

13.12 Verwys na reël 18 en 19 van TEKS G en reëls 8 tot 16 van TEKS H.

Watter invloed het Iris se verwysings na die Engel op die stemming van onderskeidelik TEKS G en TEKS H? Motiveer telkens jou antwoord. (2)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG**

Blanchie se keuses het 'n invloed op haar verhoudings en geluk.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS I**

| | |
|---|---|
| LA GUMA: | *(bly oor die moontlike geselskap):* O, hello, mister Carvernelis ... |
| CAVERNELIS: | *(sku):* Evening, mister La Guma ... |
| LA GUMA: | Lovely evening, nice an' ... crisp, for jogging ... |
| CAVERNELIS: | 'Is bietjie koud, mister La Guma. Ek gaan maar inkruip. |
| LA GUMA: | You had a ... long day, mister Cavernelis? |
| CAVERNELIS: | *(het nou al tot stilstand gekom, sy hande op die stuurstang van die fiets):* Ja. |
| | *Ons sien vir Blanchie, bo by hulle deur, buite.* |
| BLANCHIE: | *(roep na binne):* Antie Maud ... Daddy het nou net gekom ... Maar dis weer daai lastige drel van 'n Willy la Guma daar by hom! Bly altyd agter mense aan ... |
| MAUD: | *(van binne af):* Oh ... Talk, talk, talk, die ou praatbek! All words and air, and nothing done! |
| CAVERNELIS: | *(te ordentlik of te swak om sommer net sy eie koers te kry):* Ja, 'n lang dag, mister La Guma. *(Staan onseker, met die fiets in sy hande. Hy lyk moeg.)* |
| BLANCHIE: | *(praat weer met Maud. La Guma-hulle, onder, kan nie vir haar en Maud hoor nie):* Hulle praat daar onner by die lig ... |
| MAUD: | Jy mien Willy la Guma praat! En spring dié weer, soes 'n ritsige ding, up and down? *(Lag)* Politics en P.T. Shit! Óf hy run around the township moet sy P.T.-boudjies, óf hy run die bloody government down asof ons nie wiet dis sleg nie! Die government sê dié en die government sê dáái. Asof ons 'it nie al kant en klaar wiet nie! |
| BLANCHIE: | Maar Auntie Maud, hy't darem oek 'n punt! |
| MAUD: | Ja, maar sy punt is altyd te ... lank! |
| BLANCHIE: | Ek suppose so. *(Dan verdwyn sy na binne.)* |
| CAVERNELIS: | *(om maar iets te sê):* Mister La Guma is seker baie fit ... |
| LA GUMA: | Well, mister Cavernelis, you see ... fitness is a ... way of living ... |
| CAVERNELIS: | Ek sien ... |
| LA GUMA: | You should try it mister Cavernelis ... Come, I'll ... show you how ... |

15.1 Waarvandaan kom Cavernelis net voor Willy la Guma begin praat? (1)

15.2 Verwys na reël 2.

15.2.1 Waarom is die neweteks geloofwaardig? (1)

15.2.2 Waarom is dit enersyds te verstane en andersyds ongewoon dat Cavernelis met Willy la Guma Engels praat? (2)

15.3 Waarom het Cavernelis 'n lang dag gehad? (1)

15.4 Is dit oortuigend dat Blanchie vir Maud as "Antie" aanspreek? Motiveer jou antwoord. (1)

15.5 Hoe weet die leser dat Blanchie vir La Guma as opdringerig ervaar? Haal DRIE opeenvolgende woorde as bewys aan. Noem nog TWEE ander geleenthede waartydens hierdie karaktereienskap van La Guma na vore kom. (3)

15.6 Noem VIER redes waarom Willy la Guma so teen die regering gekant is. (4)

15.7 Willy la Guma maak verskillende uitsprake in die drama oor die lewe in die township.

Waarom, dink jy, kan Willy la Guma se uitsprake oor die township as geloofwaardig beskou word? Motiveer jou antwoord met DRIE redes. (3)

**EN**

**TEKS J**

| | |
|---|---|
| MAUD: | *(gooi haar hande op):* Well, so there you have it! |
| CAVERNELIS: | *(heeltemal uit die veld geslaan):* Maar ... maar Maudie ... Blanchie ... |
| BLANCHIE: | *Blanchie, met 'n stuk papier – 'n brief in haar hande. Sy huil.* 'Is nie wáár nie ... |
| MAUD: | Maar 'it is wáár! You've read the letter, my dear ... Now stop crying, sweetheart, crying won't help ... *Blanchie huil.* |
| CAVERNELIS: | *(hulpeloos):* Maar ... ek het nie gekan dink ... |
| MAUD: | *(wreed):* Maar jy't nooit gekan enigiets nie, Cavernelis-darling! Of course het jy nie gekan dink ... *(Sy lag, sinies. Cavernelis bek-af.)* Blanchie, that's life, my sweetheart ... that's people, man ... You trust them, you trust them, you do things for them, an' they ... will just dump you, like that! *(Sy beduie.)* Trust me, I've been through it all ... Die vuilgoed ... |
| CAVERNELIS: | ... when they've used you, that's it ... Maar ek het vir jou gesê, |
| MAUD: | sweetheart, those dandies, die klomp fashion-moffies ... hulle sil vir jou use tot lat hulle jou klaar ge-use het, en dan ... dúmp hulle vir jou ... Next pretty girl in the queue, please ... |
| CAVERNELIS: | Die vuilgoed ... En hoekom net ... nóú ... |

MAUD: In the queue, in the béd ... I know the swine, sweetheart! All the sweet talk, all the promises, while hulle jou use vir hulle eie purposes ...

BLANCHIE: *(snikkend):* Daddy ... Auntie Maud ...

CAVERNELIS: Maar hulle't gesê ... gebelowe ... jy gaan Paris toe ...

MAUD: Shit, Cavernelis-darling, "gesê", "gebelowe" ... That's no contract, my dear! An' even contracts are cheap! It all depends on whom you're dealing with! Ek net vannie begin af gewiet ...

15.8 Waar speel hierdie toneel af EN wat is die funksie van die toneelaanwysing in reël 1? (2)

15.9 Mister Cavernelis sê in reël 8 "ek het nie gekan dink ..."

Waarop sinspeel Mister Cavernelis se woorde? (1)

15.10 Verwys na reëls 9 tot 14.

15.10.1 Word Blanchie as 'n "sweetheart" in die township beskou? Motiveer jou antwoord. (1)

15.10.2 Verduidelik waarom Maud sarkasties is as sy vir Blanchie as "sweetheart" aanspreek. (1)

15.11 Watter tipe konflik volg tussen Blanchie en Maud net na die laaste dialoog in hierdie uittreksel. Gee 'n bewys vir jou antwoord. (2)

15.12 Verwys na reëls 9 tot 13 van TEKS I en reëls 4 tot 6 van TEKS J.

Die kommunikasie enersyds en stemming andersyds tussen Maud en Blanchie stem ooreen in die tekste hierbo. Stem jy met hierdie stelling saam? Motiveer jou antwoord deur na albei sake onderskeidelik te verwys. (2)

**[25]**

***MIS* – Reza de Wet**

Beantwoord ÓF VRAAG 16 (opstelvraag) ÓF VRAAG 17 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 16: *MIS* – OPSTELVRAAG**

Meisie se vryheid word deur haar eie én die ander karakters in haar milieu se besluite beïnvloed.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS K**

| | |
|---|---|
| | *Meisie maak die deur vinnig toe. Die sirkusmusiek word nie meer gehoor nie.* |
| MIEM: | *(snork. Kopbeweging na die deur)* Klinkende simbale! *(Simpatiek aan GERTIE)* Foei tog, jy lyk soos 'n verkluimde kuiken. |
| GERTIE: | Ja, die windjie is geniepsig. *(Haal haar hoed af en sit dit op die tafel neer)* |
| MIEM: | Gaan word eers warm by die stoof. |
| GERTIE: | 'n Warm stoof is ongesond. Ek weet hoe om warm te bly. *(Begin baie vinnig op een plek trippel terwyl sy haar arms heen en weer swaai)* |
| MIEM: | Ag, nee wat, Gertie! Daar is 'n tyd en 'n plek vir als! |
| | *GERTIE lyk afgehaal en gaan sit by die tafel*. |
| MIEM: | Daar's vrugtebome wat al bot. Ja, die koue vang hulle seker sleg. |
| GERTIE: | Naand, Meisie. |
| MEISIE: | Naand, juffrou Gertie. |
| MIEM: | Maar sê nou, Gertie. Wat maak jy dié tyd van die aand hier? |
| GERTIE: | Ag, Miem ... jy weet vanaand is nie 'n aand om alleen te wees nie. |
| MIEM: | *(sug en gaan sit)* Jy kan dit weer sê, Gertie. *(Tel die goiing op en werk verder)* |
| GERTIE: | Toe dag ek, my tuin is so groot en die bure so ver ... en toe ... so in die stilligheid ... hoor ek ... geluide ... Die hele huis het begin kraak ... en die luike het geklap. O, dit was aaklig. |
| MIEM: | Foei tog, Gertie, dit is geen wonder nie. *(Tel haar voet op en laat dit op 'n stoel rus)* |
| GERTIE: | En toe hoor ek 'n uil roep in die tuin. Jy weet wat die ou mense gesê het ... nou ja ... |

17.1 Sê wat Miem met "klinkende simbale" in reël 3 bedoel EN verduidelik hoekom sy só daarna verwys. (2)

17.2 Verwys na reëls 5 tot 9.

17.2.1 Gertie se voorkoms en optrede is bewys daarvan dat sy haar deur ander se verwagtings laat beïnvloed. Watter TWEE aksies in die neweteks bewys hierdie stelling? (2)

17.2.2 Noem nog 'n geleentheid later in die drama wat bewys dat Gertie deur Miem se siening beïnvloed word. (1)

Kopiereg voorbehou 

17.3 Verwys na reël 4 en reël 10.

17.3.1 Watter kontrasterende persoonlikheidsaspekte van Miem kom in hierdie twee spreekbeurte na vore? (1)

17.3.2 Sou jy sê dat hierdie twee kante 'n getroue weerspieëling van Miem se karakter is? Motiveer jou antwoord deur te verwys na die manier waarop sy ander karakters in die drama behandel. Verwys na beide persoonlikheidsaspekte. (2)

17.3.3 Watter EEN van hierdie persoonlikheidseienskappe is ook by Gertie teenwoordig? Motiveer jou antwoord met TWEE bewyse uit die drama. (2)

17.4 "Daar's vrugtebome wat al bot." (Reël 12)

17.4.1 Hoe gepas is hierdie tyd van die jaar vir Miem en Meisie ten opsigte van oorlewing? (1)

17.4.2 Verduidelik in watter opsig hierdie tyd van die jaar op figuurlike vlak op Meisie van toepassing kan wees. (1)

17.5 "Ag, Miem ... jy weet vanaand is nie 'n aand om alleen te wees nie." (Reël 16)

17.5.1 Waarom verwys Gertie spesifiek na hierdie aand in reël 16? Noem TWEE feite. (2)

17.5.2 Dink jy Gertie se vrees is geregverdig? Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

**TEKS L**

| | |
|---|---|
| | *Meisie werk weer aan haar sak.* |
| KONSTABEL: | Maar kom u dan nie uit nie, Juffrou? Die dorp is tog nie ver nie? |
| MEISIE: | My ma het my hier nodig. My ma het net vir my. |
| KONSTABEL: | En is hier baie om te doen? |
| MEISIE: | Ja. Ek kry my werk nooit klaar nie. Elke dag is als vol stof. Die mure is dun en vol krake. En als wat buite is, kom in. Ek vee en stof, vee en stof, maar dit help nie. En elke dag moet ek was en stryk want ons klere ruik na mis. En die vensters, elke dag moet ek hulle skoonmaak. *(Byna huilend)* Want ... die vlieë los mispatrone op die ruite. Kos, slopemmer! Sakke! Eers was my hande sag. *(Strek haar vingers uit)* En nou, eelte op al my vingerpunte! *(Sy druk haar hand oor haar mond)* |
| | *Stilte.* |
| MEISIE: | Eers was ons baie ryk. 'n Hoed en 'n rok vir elke dag. En nou ... Ma sê die mense bejammer ons. *(Byna verdedigend)* Elke jaar koop my ma vir my 'n nuwe rok. *(Treurig)* Maar net een op 'n slag. *(Sag en droewig)* Dit word gou dun ... en uitgewas. *(Sag)* Ek skaam my. |

| | |
|---|---|
| KONSTABEL: | *(met innige meegevoel)* Ek is jammer, Juffrou. |
| MEISIE: | *(skielike laggie)* Dis snaaks. Niemand het my nog so genoem nie. *(Weer 'n laggie)* Juffrou. |
| KONSTABEL: | Wel ... ek sou verkies om u op u naam te noem. Mag ek vra wat u naam is? |
| MEISIE: | *(skaam)* Meisie. *(Vinnig)* Maar dis nie my regte naam nie. |
| KONSTABEL: | En wat is dit? Jou regte naam? |

17.6 Wat is die verband tussen die neweteks in reël 1 en die titel van die drama? (1)

17.7 Watter TWEE ekonomiese gebeurtenisse het tot Meisie se omstandighede gelei EN waarom, dink jy, wil haar ma haar so gevange hou? (3)

17.8 In reël 18 skep Konstabel die indruk dat hy simpatie met Meisie het. Watter ander karakter word ook simpatiek deur Konstabel behandel? Motiveer jou antwoord. (1)

17.9 Met watter TWEE bedoelings noem Konstabel vir Meisie "Juffrou" (reël 18 en 20) EN hoe verskil dít van die rede waarom Miem haar bloot net "Meisie" noem? (3)

17.10 Verwys na reëls 16 tot 18 in TEKS K en reëls 7 tot 9 in TEKS L.

Hoekom is dit ironies dat Gertie op dié aand enersyds Miem se huis as 'n veilige hawe beskou en dat Miem andersyds dink sy beskerm Meisie deur haar gedurig by die huis te hou? (2)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS HUISTAAL V2**

**NOVEMBER 2023**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 55 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**RIGLYNE VIR NASIENERS**

1. Indien 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. Indien 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. Indien 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Indien 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. Indien 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. Indien antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. Indien 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. Indien die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae:
   Indien die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy hom-/haarself gepenaliseer het. Indien die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
   Indien 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

12. Vir hierdie eksamen geld die volgende eksamenriglyne vir die opstelvraag:
    - Lees die opstelvraag die <u>eerste maal</u> en toon die reeks treffende argumente met die ooreenstemmende kode aan.
    - 'n Reeks treffende argumente is stellings wat met:
      - o relevante verduideliking gemotiveer word./
      - o korrekte, gepaste aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word./
      - o geparafraseerde aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word.
    - 'n Treffende argument is **nie** noodwendig in die formaat **punt, verduideliking én illustrasie nie**.
    - Lees die opstelvraag 'n <u>tweede maal</u> om die struktuur en taal te assesseer. Taalfoute word met onderstreping aangedui.

    Die aantal kodes in die opstelvraag word **nie** getel om 'n bepaalde punt by inhoud toe te ken **<u>nie</u>.**

## AFDELING A: GEDIGTE

## VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

### "Die bokser" – Ernst van Heerden

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**Spreker = S**
**Woordgebruik = W**
**Retoriese middel = R**

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Nasienriglyn by Vraag 1:
    - ❖ Vir uitsonderlike inhoud sal die kandidaat minstens 1 van elk aanbied, m.a.w. minstens 1 vertellersperspektief, 1 woordgebruik en 1 retoriese middel.
    - ❖ Kandidaat kan die aspekte in enige volgorde aanbied.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **Argument** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/ PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n toepaslike inleiding aan. | | |
| **SPREKERPERSPEKTIEF** | | |
| **Aan die begin van die boksgeveg is die alomteenwoordige spreker aan die woord.** | Die spreker beskryf twee boksers wat nog ongeskonde is./slaggereed vir die geveg is. | Versreël 3: *wit bors fier teen wit bors staan* |
| | Die spreker beskryf beide boksers se voorkoms en aksies as sterk en ritmies. | Versreël 5: *die lyf word wiegend – ritmies, sterk –* |
| | Die spreker neem waar dat die boksgeveg nog tot skynhoue en uitdagings beperk is. | Versreël 4: *En skim teen skim die skynhou slaan;*<br>Versreël 5: *die lyf word wiegend – ritmies, sterk –*<br>Versreël 6: *tot skerm en liemaak ingeperk;* |
| **Die spreker se betrokkenheid wissel van objektief tot subjektief in die gedig; dit bevestig die kwesbaarheid van die bokser/mens.** | In versreël 1 tot 10 is die spreker objektief. Hy neem die geveg as buitestander waar en is dus nie so kwesbaar nie. | Versreël 1: Die grense van die klein kryt |
| | Die spreker besef egter die kwesbaarheid van die boksers, veral omdat hulle ingeperk word. | Versreël 13: *tog sal my mokerslag hom tref* |
| | Die ek-spreker voel dan sy kwesbaarheid aan eie lyf as hy raakgeslaan word. | Versreël 15 en 16: *sy beeld versplinter in die glas/waar netnou my gestalte was* |

| | | |
|---|---|---|
| **Die ek-spreker word uiteindelik weer die bokser wat die onderspit delf, wat weer deur 'n alomteenwoordige spreker uitgebeeld word.** | Die kwesbaarheid van die spreker word uitgehef wanneer sy weerstand knak en hy nie die boksgeveg kan voltooi nie. | Versreël 18: *'n lyf stort soos 'n koring-gerf ...*<br>Versreël 22: *en waarom flakker ligte uit ... ?* |
| **WOORDGEBRUIK** | | |
| **Die kryt waarin die geveg plaasvind, dui reeds op die weerloosheid.** | Die kryt word beskryf as 'n onstandvastige plek. | Versreël 2: *is hellende onvastigheid,* |
| **Die woordgebruik beskryf die ingeperktheid van die bokser**. | Juis omdat hy so ingeperk is (vasgevang is in die kryt), is daar nie wegkomkans nie en is hy weerloos./kwesbaar. | Versreël 1: *Die grense van die klein kryt* |
| **Die woordgebruik beskryf die boksers se sterk fisiese voorkoms aan die begin van die geveg.** | Die twee boksers is beide fisies fiks, sterk en gefokus op die geveg. | Versreël 5: *die lyf word wiegend – ritmies, sterk –*<br>Versreël 7: *vier donker oë blits fel en woes,* |
| **Die woordkeuse beskryf/ ondersteun die fisiese agter-uitgang en toenemende kwesbaarheid van die bokser.** | Die agteruitgang word stelselmatig deur slim woord-gebruik aangedui. | Versreël 10: *laat lis en weerstand verder knak ...*<br>Versreël 12: en weerloos teen dié man se hou;<br>Versreël 15: *sy beeld versplinter in die glas* |
| **Die geveg begin in alle erns en die opponent se "groteske vuis" rig skade aan, wat weerstand laat knak.** | As gevolg van die houe in die boksgeveg word die bokser se lyf al hoe swakker./afgetakel. | Versreël 9: *maar elk groteske vuis se smak* |
| **Die woordgebruik skep die beeld van 'n teenstander, maar die bokser is onseker oor wie die teenstander is.** | Die opponent word deur vae woorde beskryf. Die bokser is dus kwesbaar, want hy is nie seker teen wie hy homself moet verdedig nie.<br><br>Uiteindelik word die spreker se besef van weerloosheid teen hierdie teenstander benadruk. | Versreël 4: *skim*<br>Versreël 8: *gedaante*<br>Versreël 16: *gestalte*<br><br>Versreël 12: *en weerloos teen dié man se hou* |
| **Die woordgebruik beklemtoon ook die teenstander se krag, wat juis die bokser se kwesbaarheid beklemtoon.** | Die teenstander se selfversekerdheid word in die woordgebruik duidelik gemaak.<br><br>Woorde beklemtoon die gebrokenheid van die bokser en sy uiteindelike nederlaag. | Versreël 14: *grynsend*<br><br>Versreël 15: *versplinter*<br>Versreël 18: *'n lyf stort soos 'n koring-gerf ...*<br>Versreël 22 *flakker ligte uit ...* |

| **RETORIESE MIDDELE** | | |
|---|---|---|
| **Herhalings lig die kwesbaarheid van die bokser teenoor sy opponent uit.** | Herhaling van die woorde "wit bors", asook "skim" in die koeplet, skep die idee dat beide boksers kwesbaar is.<br><br>Paarrym word herhalend in die gedig gebruik om die idee van twee boksers te skep. | Versreël 3: *waar wit bors fier teen wit bors staan*<br>Versreël 4: *en skim teen skim die skynhou slaan;*<br><br>Versreël 9 en 10: *maar elk grotekse vuis se <u>smak</u>/*<br>*laat lis en weerstand verder <u>knak</u> ...* |
| **Retoriese vrae word aangewend om die leser onder die indruk van die kwesbaarheid van die bokser te bring.** | Die retoriese vrae aan die einde van die gedig plaas die fokus op die weerloosheid van die bokser op die krytvloer. | Versreël 19: *Wie is die man wat roerloos lê,*<br>Versreël 20: *Wie't 'n bekende naam gesê?*<br>Versreël 21 en 22: *Waarom die skaar aan't roep en fluit,*<br>*en waarom flakker ligte uit ...?* |
| **Die herhalende gebruik van paarrym/die koepletvorm beklemtoon die bokser se stryd teen sy kwesbaarheid.** | Die bokser/mens is uiteindelik kwesbaar teen die aanslae van die opponent/lewe en moet uiteindelik die knie voor die dood buig. | Versreël 18: *'n lyf stort soos 'n koring-gerf ...*<br>Versreël 22: *flakker ligte uit...?* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan**.** | | |

**[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

### "Susan Boyle" – Kobus Grobler

| | | |
|---|---|---|
| 2.1. | Sy is deelnemer nommer 43212 van die kompetisie./<br>Daar is 43211/baie ander inskrywings/deelnemers (voor haar). ✓<br><br>**EN**<br><br>Sy is net 'n nommer./naamloos vir die toeskouers./beoordelaars./Haar wenkans is skraal. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 2.2 | Metafoor ✓<br><br>**EN**<br><br>Die beoordelaars word vergelyk met regters wat 'n oordeel vel./regters wat haar toekoms bepaal (maar hulle nie verder daaroor bekommer nie). ✓<br><br>*Die kandidaat kan ÓF die beeldspraak benoem en verduidelik ÓF die beeldspraak benoem en slegs verduidelik waarom dit 'n metafoor is.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 2.3 | a-assonansie/assonansie/<br>s-alliterasie/alliterasie ✓ | 1 |
| 2.4 | Ja<br>Sy het daarvan gedroom om sukses te behaal./Hierdie liedjiekeuse het daardie droom bewaarheid. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 2.5.1 | Sy het baie tyd en aandag aan haar talent bestee./<br>Sy het haar talent vertroetel./vir haarself gehou. ✓<br><br>**EN**<br><br>Agterplasing/herhaling van die t-klank/nuutskepping van "troetel" en "talent"/<br>"talent" en "skenk" staan in rymposisie. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 2.5.2 | "hele wêreld"/"wêreld skenk" ✓ | 1 |
| 2.6. | Die wêreld/toeskouers het verwag dat Susan Boyle sou misluk,/haarself belaglik sou maak,/nie kon sing nie, maar in werklikheid het haar talent aan haar wêreldroem besorg. ✓<br><br>*Die kandidaat moet BEIDE kante van die ironie vir EEN punt aanbied.* | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"27 april 1997" – Vincent Oliphant**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Die eerste demokratiese/vrye verkiesing ✓ | 1 |
| 3.2. | Verwondering/verligting/dankbaarheid/opgewondenheid/blydskap/vreugdevol/ gelukkigheid/afwagting/hoop/hoopvolheid/'n gevoel van vryheid ✓<br><br>**EN**<br><br><u>Die stemming word geskep deur:</u><br>die gebruik van "uiteindelik" (in die begin van die gedig)./<br>die gebruik van die v-alliterasie wat "vry" en "vrede" beklemtoon./<br>die alleenplasing van "wonderbaarlik"./"vry"./<br>die gebruik van enjambement (om aan te dui dat die spreker oorloop van vreugde)./<br>die gebruik van die (uitgebreide) metafoor van die stembrief as 'n "duif van vrede". ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt ELK aan.* | 1<br><br>2 |
| 3.3 | Metafoor ✓<br><br>**EN**<br><br>Daar is nie meer skeiding op grond van velkleur nie./Die konflik as gevolg velkleur het sonder opslae verdwyn. ✓<br><br>*Die kandidaat kan ÓF die beeldspraak benoem en verduidelik ÓF die beeldspraak benoem en slegs verduidelik waarom dit 'n metafoor is.* | 1<br><br>1 |
| 3.4 | In versreël 6 dui "vry" op die geleentheid om te stem, terwyl "vry" in versreël 12 op die spreker se vordering in sy/haar menswees/die gedagte dat hy/sy as mens vry is, dui. ✓<br><br>*Die kandidaat moet die ontwikkeling van 'n letterlike "vry" na 'n figuurlike "vryheid" tussen mense aandui*.<br>*Die kandidaat moet in die antwoord na die progressie t.o.v. die woord "vry" verwys.* | 1 |
| 3.5 | Die koeplet versterk die gedagte van twee partye wat verenig./Daar is twee hande/partye by hierdie ontmoeting betrokke. ✓ | 1 |
| 3.6. | Velkleur veroorsaak nie onderskeid tussen mense in hulle diepste wese nie. ✓<br>Alle mense is reeds van die begin af/van die Skeppingsdag tot nou aan mekaar verbind./gelyk(-waardig). ✓<br><br>*Die kandidaat kan 'n soortgelyke antwoord BINNE KONTEKS aanbied.* | 1<br><br>1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**

**" 'n Paternoster vir Suid-Afrika" – Lina Spies**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | "Here" ✓ | 1 |
| 4.2 | Vrees ✓<br>Bewondering ✓<br><br>*Die kandidaat moet TWEE uiteenlopende/verskillende emosies as antwoord aanbied.* | 1<br>1 |
| 4.3 | "lankal" ✓<br><br>**EN**<br><br>Die spreker het sy/haar kinderlike onskuld lankal verloor./Die spreker is reeds 'n geruime tyd al 'n volwassene./Die harmonie van die verlede is verby. ✓<br><br>*Die kandidaat skryf EEN soortgelyke antwoord vir EEN punt neer.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 4.4.1 | Metonimia/sinekdogee/herhaling ✓<br><br>**EN**<br><br>"Liefdevolle hande" dui op die emosie/gesindheid van liefde waarmee mense mekaar moet behandel. ✓<br><br>*Die kandidaat kan ÓF die stylfiguur benoem en verduidelik ÓF die stylfiguur benoem en slegs verduidelik waarom dit die betrokke stylfiguur is.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 4.4.2 | Ja<br>Die spreker en haar donker speelmaat het op 'n liefdevolle wyse as kinders saamgespeel en die versoek is dat dieselfde harmonie tussen volwassenes van verskillende rasse behoue sal bly./Ten spyte daarvan dat hulle saam gespeel het, was daar nog steeds 'n klas-/rasonderskeid.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die harmonie/liefdevolle ingesteldheid tussen die spreker en haar donker speelmaat was reeds gevestig, terwyl "gee ons" op 'n afwesigheid daarvan dui. ✓ | 1 |
| 4.5 | Versreël 35 skakel met die letterlike handeling van lootjies wat aan die skeerders uitgedeel word./die skeerders wat betaling ontvang. ✓<br><br>**EN**<br><br>Die progressie is geslaagd, want die idee is dat die Here (soos wat die kind die skaapskeerders/plaaswerkers beloon het vir die hoeveelheid skape wat hulle geskeer het,) elke mens volgens sy/haar dade sal beloon./beoordeel. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| | | **[10]** |

**EN**

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

### "Bont" – Luan Pettit

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | Eerstepersoons-/ek-spreker ✓ | 1 |
| 5.2 | Alliterasie/t-alliterasie ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Die herhaling van die t-klank lig die speelsheid/eienskappe van die taal uit./versterk die "trippel"-gedagte./is klanknabootsend. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie..* | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 5.3 | Metafoor ✓<br><br>**EN**<br><br>Daar is so baie sterre in die aand in die Karoo dat dit soos blink spikkels lyk. ✓<br><br>*Die kandidaat kan ÓF die beeldspraak benoem en verduidelik ÓF die beeldspraak benoem en slegs verduidelik waarom dit 'n metafoor is.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 5.4 | Taal (strofe 1)<br>Land (strofe 2)/ golwe/grasvlaktes/Sederberg/Karoonag<br>Kultuur (strofe 3)<br><br>**OF**<br><br>Tsitsikamma (strofe 1) ✓<br>golwe/grasvlaktes/Sederberg/Karoonag (strofe 2) ✓<br>Ubuntu/Nkosi/Afrikahanddruk (strofe 3) ✓ | 3 |
| 5.5 | Die herhaling van "en" in versreël 19 hef die aspekte van die (ontspanne) atmosfeer uit./verbind die verskillende (ontspannings-)aktiwiteite tot 'n eenheid./Die polisindeton hef vasbyt en ontspanning uit. ✓ | 1 |
| 5.6. | "bont" ✓ | 1 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

### VRAAG 6: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**M = magsmisbruik**

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Greg misbruik sy magsposisie as 'n vrypas om sy eie lewe te vergemaklik.** | Hy oortuig homself die eerste oggend van die nuwe skooljaar daarvan dat hy vir oulaas laat kan slaap. Greg gebruik sy hoofseunskap as vrypas om reëls lukraak, soos dit hom pas, te verbreek. | Bl. 58: "*Ek het nie myself gekies nie. Ek sal nog lê as ek wil," antwoord ek slaperig.* |
| **Greg misbruik sy hoofseunskap om ander mense te beïndruk./ konflik-situasies te ontlont.** | Hy is vies wanneer Kwanele die eerste VRL-vergadering reël, want dit is die hoofseun se werk, alhoewel hy dit nog glad nie gedoen het nie.<br><br>Greg lig vir sersant Botha in dat hy die skool se hoofseun is wanneer hy op sy senuwees is oor die polisie se teenwoordigheid in Eckardt se kamer. | Bl. 50: "*Wie het dit gereël?"*<br>*"I did," kap hy terug.*<br>*"Vir wat? Ek is hoofseun, het jy vergeet."*<br><br>Bl. 103: "*Greg, Greg Owen. Lawson se hoofseun."* |
| **Greg misbruik sy mag en pas tradisies aan/verbreek tradisies soos wat dit hom pas.** | Greg oortree die tradisie van die nuwelinge se Trapper-ritueel. Eers wil hy Eckardt as nuweling, al is hy in matriek en die tradisie eintlik vir graad 8's geld, deur die tonnels laat kruip. Wanneer Eckardt hom aan sy broer herinner, trek hy vir Eckardt uit die tonnels om te verhoed dat hy deelneem. | Bl. 62: "*Maar hier is mos nog 'n Trapper."*<br>Bl. 63: *Toe trek ek hom self uit die donker gat. Ek sien die fronse op die ander ouens se gesigte. Maar ek gee nie om nie. Ek moes dit doen.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Greg beskou homself as verhewe bo skoolreëls vanuit sy magsposisie.** | Greg weet dat hy veronderstel is om ongerymdhede, soos die bier in Eckardt se yskas, aan te meld, maar doen nie die regte ding nie.<br><br>Hy vra vir Eckardt om hom te wys hoe om die reisagentskap se web te "crack", terwyl hy as hoofseun veronderstel is om die saak onder die aandag van die onderwysers te bring omdat 'n landswet oortree word.<br>Lawson se hoofseun raak so diep by die onderwêreld betrokke dat hy 'n skuilnaam moet kies om sy onderduimshede weg te steek.<br><br>Hy volg Eckardt na die netwerk-kamer en gee amper toe aan die versoeking om sy eie wiskundepunt te verander, wat hom vir 'n kort tydjie goed laat lyk omdat hy in dié geval nie sy mag misbruik het nie. | Bl. 71: *Ek weet ek is veronderstel om so iets te rapporteer, maar ek besluit: what the hell, 4x4's kan mos nie net altyd veilig op die teerpad bly nie …*<br><br>Bl. 78: *Donker woorde, stikvol opwinding. Onderwêreld. Net die klank daarvan laat my hoendervleis kry.*<br>Bl. 88: *Die res van die skooldag is 'n total loss vir my. Ek sit net en dink aan 'n hacker-naam.*<br><br>Bl. 113: *Ek het lus om sy hand weg te stamp van die laptop en die punt te verander.* |
| **Greg beskou homself selfs as verhewe bo die wette van die staat vanuit sy magsposisie.** | Greg steur hom nie aan die wetlike gevolge wat die onwettige kurberkrakery inhou nie en wil net meer en meer weet. | Bl. 81: *In my broei daar nou 'n opgewondenheid. En die potensiaal van gevaar ... "Sal jy my leer?"*<br>Bl. 94: *Met die loper in my hand stap ek na Eckardt se kamer. Sluit dit oop, glip vining in, druk die deur toe en wag in die donker … Luister of iemand my gevolg het.*<br>Bl. 131: *… Inspekteur Cele! Hoe anders kan sy weet? … "Hy het nie een nie," lieg ek.*<br>Bl. 182: *'n Ongemak klem my vas. "Maar … die goed wat ons gedoen het … wat jy my geleer het … "*<br>*"Jip, dis onwettig."* |

| | | |
|---|---|---|
| **Greg oorskry sy posisie as hoofseun deur selfs die skoolhoof se gesag uit te daag.** | Greg huiwer nie om gesag/die skoolhoof se gesag uit te daag wanneer hy voel dat hulle na sy mening nie reg opgetree het rakende Eckardt se verdwyning nie.<br><br>Greg weier om aan die rugby-wedstryd deel te neem omdat hy dink dat die skool iets oor Eckardt se verdwyning wegsteek.<br><br>Greg lieg sonder om te blik of te bloos vir sersant Botha en inspekteur Cele oor sy betrokkenheid by kuber-krakery. | Bl. 73: *Is hulle só gesteld op die skool se image dat hulle een van die leerders se verdwyning gaan stilhou en vir die wêreld voorhou dat alles oukei is? En dat hulle óns ook gebruik in hierdie spel van hulle?*<br><br>Bl. 76: "*Dok, met alle respek, ek dink julle steek iets vir ons weg. Ek dink hier is groot fout …*<br>*En as julle nie nou dadelik begin nie, sit ek nie my voet op 'n rugbyveld nie."*<br><br>Bl. 178: "*En jy, Greg? Het jy ook rekenaars gehack?"*<br>*"Nee," antwoord ek. "Ek stel nie juis belang in computers nie."* |
| **Greg misbruik sy posisie as hoofseun om die skoolhoof se sekretaresse te mislei.** | Omdat hy weet dat sy hom as hoofseun vertrou, gebruik hy die dekmantel dat hy die skoolhoof wil spreek om alleen in haar kantoor te wees en so Dok Pienaar se wagwoord en insleutelkode te kry deur in haar dagboek rond te soek. | Bl. 124: *"Koffie?" vra sy … Sy staan op en gaan maak vir haarself 'n koppie. Ek spring ook vinnig op, gaan kyk waarmee sy druk besig was op die rekenaar. Haar e-mail program, Outlook, is oop."* |
| **Greg misbruik die vertroue/respek wat met sy magsposisie gepaard gaan en vertel leuens./is onverantwoordelik met betrekking tot sy pligte as hoofseun.** | Hy vertel aan die speurders dat sy akademie vir hom belangrik is en skuil agter sy pa se verwagtinge van 9 onderskeidings. Die speurders bevraagteken egter sy vermoë om dit te behaal.<br><br>Greg is nie opreg in sy vriendskap nie en hy lieg vir TJ, sy vertroueling, oor sy doen en late. | Bl. 165: *Weer 'n leuen ... En ek moet die skyn voorhou dat alles oukei is.*<br>Bl. 178: "*Ek moet die einde van die jaar 'n spul onderskeidings kry ..."*<br>*"En ek moet sê, dit lyk nie vir my of daardie onderskeidings binne jou bereik is nie ..."*<br><br>*Bl. 83: "Beauty sleep," lieg ek. Ek kan tog nie vertel van die email wat ek gestuur het nie.* |
| **MAGSMISBRUIK VAN ECKARDT** | | |
| **Eckardt beskou kennis as mag en misbruik sy kennis van sosiale manipulering om voorafkennis rakende Greg te kry, sodat hy hom uiteindelik kan manipuleer.** | Eckardt vind by Greg se ma uit hy hou van "leef op die edge" en daarom lok hy hom uit rakende "hacking"./daarom raak Greg by "hacking" betrokke. | Bl. 214: *"Van hoe ek alles moontlik uitgevind het van julle gesin voordat ek my attack begin het…Maar aan jou … aan jou het ek die hardste gewerk … En ek kon uitvind van jou rugbyvaardighede, wat die mense van die skool regtig van jou dink. Hel, ek het tot jou ma gebel en sy kon nie ophou praat oor jou nie."* |

| | | |
|---|---|---|
| | | Bl. 214: *Ek het geweet jy is iemand van hou van leef op die edge … Toe moes ek jou net approach, nuuskierig maak oor die hacking."* |
| **Eckardt misbruik sy mag as kuberkraker om Greg te manipuleer sodat hy self wil leer hack, wat hom uiteindelik by hierdie onderwêreld intrek.** | Eckardt se kennis van hacking gee hom 'n posisie van mag oor Greg wat hy dan gebruik om Greg by sy wraakplan te betrek. Hy leer hom hoe om te hack sodat Greg Eckardt se wraakplan kan uitvoer.<br><br>Wanneer Greg die gevoel van mag kry vanweë Eckardt se lesse/uitdagings, word hy voortgedryf en misbruik hy dit deur in die finale toets die aanlynwinkel se webwerf te kraak en onwettige inligting soos kredietkaartnommers aan Eckardt te oorhandig. | Bl. 71: *"... het jy al 'n computer try hack?"*<br>Bl. 81: *"Sal jy my leer?" vra ek*<br><br>Bl. 200: *Nee, skree dit binne my. Maar iewers kom die ja-miskien-stem deur die geraas. ... "Oukei dan, oukei, ek sal dit doen."*<br>Bl. 218: *En ja, kredietkaartnommers. Eckardt smile net toe ek dit vir hom gee.* |
| **Eckardt misbruik sy kennis van die skoolstelsel om homself by die skool in te skryf/te "hack" en weer te verdwyn.** | Na Eckardt se verdwyning wend Greg hom tot dit wat Eckardt hom geleer het sowel as die hulpmiddels op sy geheime webwerf om uit te vind wat van Eckardt geword het. | Bl. 104: *Nou moet ek die email-adres waarnatoe die password gestuur kan word net verander. Dis wat ek geleer het in Challenges 4 en 5 op hackthissite.*<br>Bl. 116: *'n Hacker se toolbox. Dis wat dit is. Eckardt moes die klomp goed hier gesit het ...*<br>Bl. 126: *Skielik voel dit of alles wat ek by Eckardt geleer het, saamvloei.* |
| **Eckardt misbruik sy mag as hacker om Emily Molope sosiaal te manipuleer sodat Greg uiteindelik ander karak-ters op soortgelyke manier kan misbruik.** | Soos Eckardt hom vroeër gewys het, manipuleer Greg vir Joan Gibbs om inligting te kry rakende Dok Pienaar se dagboek sodat hy Joan weer kan manipuleer om die RAT op Dok Pienaar se rekenaar te laai. | Bl 141: *So, nou weet ek Dok is van drie tot vier nie op kantoor nie. En dis waarin ek eintlik belanggestel het. Dis die tyd wanneer ek weer vir Joan gaan bel.* |
| **Eckardt misbruik sy mag as kuberkraker om Greg vir sy eie wraakdoeleindes as 'n wapen te gebruik.** | Eckardt het Greg geleer om te hack. Daardeur het hy Greg sosiaal gemanipuleer om sodoende Dok Pienaar en Greg se pa se betrokkenheid by PNR te ontmasker.<br><br>Dit het ook daartoe gelei dat Greg se gesin uitmekaar geskeur word en hy die waarheid omtrent sy broer, John, en die oorsprong van die pille wat hy gedrink het, uitvind. | Bl. 215: *"Jy wou mos self die clues wat ek vir jou gelos het, ontsyfer. En jy het begin uitvind wat Dok aanvang in daardie maatskappy van hom. Net soos ek dit wou hê."*<br><br>Bl. 217: *"And while you're at it, vind uit waar het jou broer daardie pille gekry wat hy gesuip het."* |

| | | |
|---|---|---|
| **Eckardt misbruik sy emosionele mag as Greg se vriend om Greg te oortuig om teen gesag op te staan.** | Hy moedig Greg aan om in opstand te kom teen sy pa se gesag. Greg kom ook in opstand teen Dok Pienaar se gesag. | Bl. 99: *"Jeez, Greg, jou pa kan nie vir jou besluit nie," sê Eckardt. "Jy is byna agtien, my ou. Tyd om op jou eie bene te staan."*<br>Bl. 75 *Dis op daardie oomblik dat ek voel hoe al die opgekropte woede in my oorstoot. Voor ek kan keer, spoeg ek die woorde uit: "Ek dink dis pateties!"* |
| **MAGSMISBRUIK VAN GREG SE PA** | | |
| **Greg se pa misbruik sy mag as vaderfiguur om druk op John uit te oefen, wat tot sy selfdood lei en Greg ten diepste raak.** | John se selfdood is volgens Greg as gevolg van sy pa se druk en het ernstige emosionele gevolge vir Greg as gevolg van onverwerkte emosies hieroor, want sy pa verbied hom om oor John te huil.<br><br>Dit word vererger wanneer Greg uitvind dat die pille wat sy broer gedrink het, van sy pa se farmaseutiese firma af kom. | Bl. 174: *"My pa, dink ek. ... Hierdie oorweldigende verwagtinge om te presteer in alles wat hy doen."*<br>Bl. 66: *Ek het nie gehuil toe John dood is nie. "Jy sal nie!" het my pa beveel, sy hele houding afgetrokke asof dit iemand anders se kind was wat dood is.*<br><br>Bl. 217: *"And while you're at it, vind uit waar het jou broer daardie pille gekry wat hy gesuip het!"* |
| **Greg se pa misbruik sy mag as vaderfiguur om druk op Greg te sit om te presteer – wat hom soos 'n pion laat voel.** | Greg en sy pa het uiterlike konflik rakende sy planne vir sy matriekjaar.<br><br>Aangesien John nou dood is, word Greg John se plaasvervanger.<br><br>Die druk vanaf sy pa, veroorsaak dat Greg selfs begin lieg. | Bl..48: "*Ek is hoofseun en -" "En wat?" Ek het hom nie geantwoord nie.*<br>Bl. 48: *"Ruggraat! Kry een! Nie soos …"*<br><br>Bl. 174: *" ... Toe John dood is, was dit asof ek kon sien hoe my pa se oë na my draai en sê: 'En nou's dit jou beurt, boetie!' "*<br><br>Bl. 165:*"Onderskeidings, reg?" "Ja, Pa. Ek sê mos moenie worry nie." 'n Leuen, ek weet al die trein is aan die ontspoor wat die onderskeidings betref.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Greg se pa misbruik sy mag binne Turret Media wat 'n direkte invloed op Greg se pogings om Eckardt te vind het.** | Greg se pa manipuleer die media sodat geen inligting oor Eckardt se verdwyning in die koerante verskyn nie. | Bl. 102: *"Wat het jy verwag", vra hy. "Dok Pienaar sal keer dat so iets in die koerante kom... En hy het contacts in hoë plekke."* *Natuurlik! En een van daardie contacts is my pa!* |
| | Hy misbruik ook hierdie magsposisie in die media om nuus oor die voëlgriep te versprei en paniek onder die publiek te saai. Dit affekteer Greg omdat hy later die PNR-skema ontbloot en moet uitvind dat sy pa deel is van die bose projek. | Bl. 215: *"Jy weet nou dat Dok Pienaar die Butcher is, Greg. Hy was die ou wat die plan gemaak het vir die virus-scam … Maar die Candlestick-maker, Greg, vir hom ken jy goed …"* *"Nie totdat jy die boodskap uitkry by die mense nie … totdat jy die media begin gebruik nie …"* |
| **Greg se pa misbruik sy verhouding met Dok Pienaar sodat Greg statusposisies in die skool kry. Dit lei daartoe dat hy sy eie leierskap begin bevraagteken.** | Dit is ook Plank wat hom inlig dat hy nie deur die leerders verkies is nie, maar dat sy pa sy hoofseunbalkie gekoop het. | Bl. 58: "*O, julle spul uitverkorenes," grinnik Plank. "Hoofseun, onderhoofseun, VRL's. Julle was almal blote saketransakies, was julle nie?" "En daai badge wat jy op jou bors vassteek, is die kwitansie wat jy die hele bleddie jaar gaan dra!"* Bl. 48: "*Jy het nie planne vir die jaar nie." "Sal dieselfde wees as verlede jaar. Pa weet tog." "Dis nie goed genoeg nie."* |
| | Vir Greg is sy hoofseunskap net 'n statussimbool./nie 'n leiersposisie wat hy as uitdaging moet beskou nie. Hy neem nie uit sy eie die nodige leiding nie. Plank moet hom daaraan herinner dat hy as hoofseun van die skool 'n voorbeeld aan die ander leerders moet stel. | Bl. 58: "*Komaan, Greg, die skool se hoofseun moet seker 'n voorbeeld stel vir ons ander ouens, …"* |
| | Greg is nie oortuig van sy vermoë om leiding te neem nie. | Bl. 165 *Loser. Daardie woord krap nog en dit voel ál nader aan die werklikheid. En ek moet skyn voorhou dat alles oukei is.* |
| | Hy gebruik dit as verskoning wanneer hy reëls verbreek wanneer dit hom pas. | Bl. 58: "Ek het nie myself gekies nie." |

| | | |
|---|---|---|
| **Greg se pa misbruik sy mag ten einde Greg te forseer om vir Dok Pienaar om verskoning te gaan vra.** | Greg wil nie werklik verskoning vra nie, maar omdat hy nooit opstaan teen sy pa se gesag nie, doen hy dit maar. | Bl. 106: *"Môreoggend, Greg ... die eerste ding wat jy doen as jy jou voete uit die bed tel, gaan jy na Dok Pienaar toe en jy gaan vra om verskoning vir jou skandelike gedrag."*<br>*"Ja, Pa." mompel ek sag.* |
| **MAGSMISBRUIK VAN DOK PIENAAR** | | |
| **Wanneer Dok, saam met Greg se pa, sy finansiële mag misbruik om die regter om te koop en hom te laat verdwyn, veroorsaak dit Eckardt se wraakplan wat Greg se lewe vernietig.** | Dok en mnr. Owen misbruik hul mag en geld om Eckardt se pa, die regter, om te koop om met die hofsaak, waarin hulle van binnehandel beskuldig is, in hul guns te beslis.<br><br>Dok Pienaar laat ook die regter verdwyn.<br><br>Hierdie gebeure is die dryfveer agter Eckardt se wraakplan wat uiteindelik tot die verbrokkeling van Greg se gesin lei. | Bl. 221: *"Die saak teen ons was sterk. Dit was Dok wat besluit het om ... hy het besluit die enigste uitweg sou wees om die regter om te koop."*<br><br>Bl. 222: *"Nie myne nie. Dok s'n. Ek weet nie wat hy met hom gedoen het nie."*<br><br>Bl. 217: *"Vra hom wat het hy met die regter gedoen!"* |
| **Dok Pienaar misbruik sy gesag en gebruik die eliteskool as 'n tipe rookskerm vir sy onwettige aktiwiteite.** | Dok Pienaar sê dat hy geleenthede in die sakewêreld aangryp en daarom nie meer gereeld by die skool gaan wees nie. Hierdie geleenthede blyk PNR te wees en as Greg dit ontbloot, verbrokkel sy gesin ook daarmee saam. | Bl. 59: *"Die private sakebelange wat ek najaag, sal baie van my tyd opeis."* |
| **Dok Pienaar misbruik sy mag om die verdwyning van Eckardt Wilken toe te smeer.** | Dok Pienaar manipuleer die situasie rondom Eckardt se verdwyning deur die seuns te verbied om daaroor met hulle ouers te gesels, want die skool se reputasie is belangriker. | Bl. 65: *"Nog iets. Moet ook nie julle ouers hiervan vertel nie. Nie nou nie. Ons wil eers uitklaring kry oor wat gebeur het. Onthou dat Lawson Kollege 'n trotse reputasie het.*<br>Bl. 75: *Daarom vra ek julle manne se samewerking. Ons hou hierdie ding eers tussen ons.* |
| **Dok Pienaar misbruik sy mag selfs nadat hy gevang is en daarom dreig hy vir Greg.** | Dok Pienaar dreig Greg by die polisiestasie dat sy mense hom gaan kry. | Bl. 203: *"Wat het jy gedoen? Ek sal jou kry, Greg. My mense sal jou kry."* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

## VRAAG 7: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 7.1 | Die begin van die jaar/Die eerste dag wat hulle in die koshuis intrek/eerste dag van sy matriekjaar/die dag voor die skole (in Januarie) begin ✓ | 1 |
| 7.2 | Hy en sy ma het 'n innige/goeie verhouding./Sy ma is oorbeskermend. ✓<br>**EN**<br>Hy en sy pa het 'n baie swak verhouding./kom glad nie oor die weg nie./Sy pa domineer vir Greg. ✓ | 1<br><br>1 |
| 7.3.1 | Greg is die hoofseun van Lawson Kollege en is daarom veronderstel om alle leerders met respek te hanteer./<br>Greg moes 'n aanvoeling gehad het dat Eckardt as nuwe leerder vreemd is./eerder hulp as teenstand verwag./<br>Dit is nie geregverdig dat Greg bloot op grond van Eckardt se uiterlike voorkoms antagonisties teenoor hom voel nie. ✓✓<br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 7.3.2 | Greg besef hy was reg in sy aanvanklike indruk dat Eckardt 'n indringer in die skool is./nie inpas by die res van die leerders nie./moeilikheid vir Greg sou veroorsaak. ✓ | 1 |
| 7.4 | Eckardt se oë beïnvloed Greg om hom nie te laat ontgroen nie./herinner Greg aan sy broer, John./bring Greg se onverwerkte emosies na vore. ✓ | 1 |
| 7.5 | Reg: Dit was sy pa se verhouding met Dok Pienaar/Greg se pa wat gelei het tot sy inskrywing./"Ander wêreld" kan hier in verband gebring word met Eckardt se pa wat reeds oorlede is./die wêreld van korrupsie. ✓<br>**EN**<br>Verkeerd: Sy pa het hom nie ingeskryf nie./Hy het homself ingeskryf./Eckardt se pa is oorlede.✓ | 1<br><br>1 |
| 7.6.1 | Hy verwys na die taal van die rekenaarwêreld. ✓<br>**EN**<br>Onderwêreld van die kuberkraker/kuberkrakery ✓ | 1<br><br>1 |
| 7.6.2 | Eckardt het Greg se nuuskierigheid oor kuberkrakers geprikkel./Greg het vir Eckardt gevra om hom van kuberkrakery te leer./Eckardt het vir Greg geleer hoe om rekenaars te kraak. ✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan.*<br>**EN**<br>Sy kuberkrakery het daartoe gelei dat hy sy pa se aandeel in PNR ontbloot het./Hy het sy hoofseunpligte/vriende afgeskeep./Sy skoolwerk het verswak./Hy het blatant begin lieg./Hy het die skoolhoof (Dok Pienaar) se misdadige betrokkenheid by PNR ontbloot./Hy begin skoolreëls oortree. ✓<br>*Die kandidaat moet die antwoord BINNE KONTEKS aanbied.* | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.7 | In die slot van die roman wonder die joernalis watter naam Eckardt se korrekte naam is: Eckardt of Ekk-0./ontdek Greg dat die naam Eckardt ook 'n skuilnaam is, net soos Ekk-0./besef Greg dat hy steeds nie weet wat Eckardt se regte naam is nie. ✓ | 1 |
| 7.8 | Ek-verteller/eerstepersoonsverteller ✓<br><br>**EN**<br><br>Dit beskryf Greg se emosies oortuigend./Die leser kan met Greg se emosies identifiseer./Greg se emosies verstaan. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 7.9 | Hy moet geld kry om Turret Media uit die verknorsing te red./Turret Media was in 'n finansiële verknorsing. ✓<br><br>**EN**<br><br>Hy het besef dat geld hulle familie gemaak het./Dit is geld wat hulle familie se ondergang gaan beteken. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 7.10 | Sy pa se korrupsie/bedrog/<br>Sy pa se betrokkenheid by PNR (Project Nursery Rhyme)/<br>Hy weet van John en PUM (Plus Ultramed). ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>'n Mens sou verwag dat Greg, wat 'n swak verhouding met sy pa het,/so pas gehoor het dat sy pa aandadig is aan mense se dood,/deur sy pa verbied is om oor John se dood te huil, nie sou huil nie,/hom daarin sou verlustig dat sy pa uitgevang is,/maar hy besef hier dat dit tog sy pá is./dat hulle as gesin net mekaar het./dat sy ma sy pa nodig het./dat hy lief is vir sy pa ten spyte van alles. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied BEIDE kante van die ironie vir EEN punt aan.* | 2<br><br><br><br><br><br>1 |
| 7.11 | Ja<br>Toe Greg se pa van die Insider Trading-oortreding aangekla is, was hy nie bereid om die gevolge van sy dade te dra nie./het hy hom tot omkopery/afpersing van die regter gewend./<br>Toe Greg se pa gekonfronteer word met Eckardt se pa se dood, het hy gerieflikheidshalwe Dok Pienaar daarvoor geblameer./<br>Toe Greg sy pa konfronteer oor John se dood, het hy verkrummel tot 'n patetiese mens, eerder as om die waarheid te erken./vir Greg om vergifnis te vra. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br><br>**EN**<br>Ja<br>Eckardt se pa het geweet dat dit verkeerd is om omkoopgeld te aanvaar en toe hy dit nie ongedaan kon maak nie, wou hy die maklike uitweg kies deur selfdood.<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan.*<br>**OF** | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| | Nee<br>Eckardt se pa moes kies tussen die onskuldigbevinding van twee misdadigers of die moeilike opsie van selfdood./Selfdood was nie vir hom maklik nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan.* | 1 |
| 7.12 | Eckardt kom geheimsinnig/arrogant voor./het 'n "strak gesig"./Hy maak nie direkte oogkontak nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan.*<br><br>**EN**<br><br>Greg se pa skuil agter die beeld van 'n belangrike/suksesvolle sakeman./Hy kom voor as 'n koue, kil persoon. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan.* | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**C = Christenskap**

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Die geweldige verliese wat Baas gely het, veroorsaak dat hy hom van Christenskap distansieer.** | Baas se niggie meen dat Baas verander het na die verlies van sy pa./ma./plaas./beeste.<br><br>Baas het aanvanklik nog Bybel gelees, maar het later glad nie meer die Bybel gelees nie. | Bl. 23: *"Jy het baie verander, Baas."*<br><br>Bl. 22: "*Jy moenie dat hierdie dinge jou vang nie, my ou neef,"* *het sy gewaarsku toe hy nie sy ma se Bybel ... wou saamneem nie.*<br>Bl. 12: *Die gedeelte wat Baas in hierdie tyd dikwels hardop uit sy oupagrootjie se verweerde Bybeltjie … lees, is die Psalm wat mense graag lees wanneer hulle eensaam is ...*<br>Bl. 13: *Selfs toe Baas later die Bybel minder gereeld uithaal, en uiteindelik glad nie meer nie …* |
| **Baas se droom dui daarop dat hy onbewustelik weet sy ma sou nie sy distansiëring van Christenskap goedkeur nie.** | In sy droom sien Baas sy ma se kettinkie waaraan 'n kruisie hang en sy probeer die kettinkie oor sy kop kry, maar dit pas nie. | Bl. 21: *Die kettinkie wil nie pas nie.* |
| **Baas se negatiewe reaksie wanneer Grace hom 'n Christen noem, bewys sy verwerping van tradisionele geloofsoortuigings.** | Baas reageer ongewoon heftig wanneer Grace noem dat ouma Essie hom as 'n "Christen" beskou.<br><br>Grace is bang dat Baas weer lelik sal praat indien hy hoor dat iemand hom 'n Christen noem. | Bl. 43: "*My ouma Essie is die een wat die mense die Profeet van die Bybel noem. Sy is ook die een wat gesê het sy weet meneer Baas is 'n Christen."*<br>*"Wat … het haar dié idee gegee."*<br><br>Bl. 91: *"Ek het maar net gedink ek sal jou mond toehou. Die laaste keer toe iemand jou 'n Christen genoem het, het jy baie lelik gepraat."* |

| | | |
|---|---|---|
| **Baas oorweeg aanvanklik glad nie die gedagte dat hy 'n roeping in Manaka het nie.** | Ouma Essie en Grace wil Baas laat verstaan dat hy "gestuur" is om hulle te help, maar hy wil nie dié identiteit (dié van helper) aanvaar nie. | Bl. 43: "*… is nie gestuur nie en ek is … nie hier om enigiemand te kom help nie."*<br>Bl. 126: *"Ek is nie in Barotseland om welsynswerk te kom doen nie."* |
| **Baas verwerp die tradisionele Christelike siening dat God die mens lei en saam met die mens bly.** | Baas is van mening dat hy self oor sy lewe beskik. | Bl. 94: "*Ek is nie hiernatoe gestuur nie. Ek is op my eie hier."* |
| **Baas gaan teen die tradisionele siening van Christenskap wanneer hy aanvanklik die sendelinge se koms op Manaka afkeur.** | Baas maak dit duidelik dat hy nie die sendelinge se koms op Manaka verwelkom nie.<br><br>Baas gaan ook teen die tradisionele siening van Christenskap wanneer hy nie sy kamp met die sendelinge wil deel nie. | Bl. 85: "*Hoofindoena Daaiman het die boonste gedeelte van Manaka aan ons verhuur vir ons sendingstasie, neef."*<br>*"Die vloek!" Baas vat nie die koffie nie.*<br><br>Bl. 82: "*Wat soek julle in my kamp? Dis my kamp dié … en daardie is my honde se slaapplek. Dit reën."* |
| **Op Manaka word Baas al hoe meer met tradisionele sienings van Christenskap gekonfronteer.** | Baas se kontak met Grace en ouma Essie, asook die sendelinge op Manaka, veroorsaak dat hy al hoe meer met Christenskap gekonfronteer word.<br><br>Grace glo dit is net die Here wat gemaak het dat Baas hom in Manaka bevind.<br>Ouma Essie glo Baas is deur God na Manaka gestuur.<br><br>Grace sê vir Baas dat die Here vir Baas oë en ore gegee het om dinge te hoor. | Bl. 118*: Sy kyk reguit na Baas. "En wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie."*<br><br>Bl. 61: "*Dit is net die Here wat gemaak het dat jy nou hier sit."*<br><br>*Ouma Essie glo Baas is deur God na Manaka gestuur.*<br><br>*Grace sê vir Baas dat die Here vir Baas oë en ore gegee het om dinge te hoor.* |
| **Baas bly hardvogtig teenoor die sendelinge en dit weerspieël sy distansiëring van Christenskap.** | Baas wil nie die kring voltooi wanneer oom Scholtzie bid nie.<br><br>Baas sê vir Nanna hy het nie ander mense se geselskap nodig nie.<br><br>Baas beledig vir Griesel.<br><br>Baas wys oom Scholtzie se aanbod om vir hom 'n gebed te doen van die hand. | Bl .85: *Oom Scholtzie … hou sy twee hande na weerskante toe uit. Grace neem dié een hand. Nanna neem Grace se hand. Baas gee nie sy hande om die kring te voltooi nie.*<br><br>Bl. 137: "*Ek kom goed klaar sonder geselskap."*<br><br>Bl. 84: "*helikopter-pilot."*<br><br>Bl. 108: "*Daar kom 'n tyd in elke man se lewe dat hy dit nodig het."* |

| | | |
|---|---|---|
| **Ouma Essie en dominee Scholtz probeer Baas by Christengeleenthede betrek, maar hy is lugtig.** | Ouma Essie glo dat daar 'n geestelike nalatenskap vir Baas op Manaka is.<br><br>Ouma Essie neem leiding en steek almal in die werk om die sendingstasie weer te herstel. | Bl. 115: "*Die plek waar die Here van altyd af hier by die Plek van die Horings met sy mense gepraat het, is daar onder naby die water … Ek sal bly wees as jy my kan help om daar te kom, jongman."*<br><br>Bl. 118: "*Tot daar weer 'n kerkgebou is, sal hierdie boom 'n kerk wees."*<br>Bl. 118: *"Die ander man wat wit is, sal vir julle sê wat om te doen om 'n dak oor julle koppe te kry …"* |
| **Alhoewel Baas aanvanklik niks met die Christenskap te doen wil hê nie, wonder hy tog wat van 'n mens 'n Christen maak.** | Hy vra vir verskillende mense oor Christenskap uit, maar is nie tevrede met die antwoorde nie. | Bl. 184: "*Wat maak van jou 'n Christen?"*<br>"*… kan 'n mens die ewige lewe hê en dit verloor*?" |
| **Baas se hulpvaardigheid teenoor die gemeenskap stem ooreen met die tradisies van Christenskap, maar hy besef dit nie.** | Baas gee vir Manuel se dogtertjie malariapille. Baas gee vir Grace malariapille en daarom het hy geen pille vir homself nie.<br><br>Baas gee vleis sonder om geld te vra.<br><br>Baas ry pale vir die khuta aan en in die proses breek sy Land Rover se dryfas.<br><br>Baas koop vir Grace 'n ekstra stel klere.<br><br>Baas onttrek sy laaste fondse om nog malariapille vir die siekes te koop. | Bl. 29: *Hy lig die hygende kind se kop, druk vier pille in haar mond en sorg dat sy dit afsluk met water wat Manuel van buite af in 'n visblikkie aangee.*<br>Bl. 63: "*Hoekom het ek nie pille gehad toe ék malaria gekry het nie?"*<br><br>Bl. 196: "*Om besigheid te doen, is nie iets waarmee jy goed is nie."*<br><br>Bl. 60: *Baas kry 'n dryfas wat op sy voertuig sal pas.*<br><br>Bl. 49: "*Hoekom koop jy nie vir jou 'n ekstra stel klere nie? … Daar moet nog geld in die beursie wees?"*<br><br>Bl. 63–64: *Hy gee vir haar geld om nog malariapille te gaan koop. Hy sê nie vir haar dat hy sy laaste fondse uit sy bankrekening onttrek het nie.* |
| **Die verbetering in die verhouding tussen Baas en die sendelinge impliseer 'n herstel in sy verhouding met God.** | Baas se kontak met die sendelinge veroorsaak dat hy al hoe meer met Christenskap gekonfronteer word – soos wanneer oom Scholtzie oor Baas huil; die boodskap tydens oom Scholtzie se afskeidspreek; die liedere wat op Manaka gesing word, ens. | Bl. 161: "*God het hulle gemaak om hom te soek, al sou hulle moes rondtas om Hom te vind."*<br>Bl. 108: "*Muluti Malila huil oor jou …"*<br>Bl. 160: *Die kitaarakkoorde streel oor Manaka. "U het die brood gebreek eens by die meer …"*<br>*Bl. 207: "Wat weet jy van Jesus?"* |

| | | |
|---|---|---|
| **Baas onthou toenemend hoe hy saam met sy ouers aan Christelike aktiwiteite deelgeneem het.** | In Baas se herinneringe aan sy kinderdae onthou hy hoe hulle saans nog in die kerkie, wat sy pa op die plaas gebou het, gesing het. | Bl. 159: *Hulle het saam bidure gehou. Die bure het gekom en almal het saamgesing uit die Hallelujaboek.* |
| **Baas ervaar dat verskeie Bybelverse tot sy soeke na geloof spreek.** | Tydens oom Scholtzie se afskeidspreek hoor Baas dat God die mens gemaak het om Hom te soek.<br><br>Meneer Jos se teksvers tydens sy ouma se begrafnis spreek tot Baas. | Bl. 161: "*God hulle gemaak het Hom te soek, al sou hulle moes rondtas om Hom te vind."*<br><br>Bl. 198: "*Julle het my nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies."* |
| **Baas wonder of hy die ewige lewe verloor het.** | Baas lees later in sy ma se Bybeltjie by sy geboortedatum oor die belofte van die ewige lewe en wonder of hy dit verloor het.<br><br>Ouma Essie stel Baas gerus dat hy sekerheid kan kry oor sy geloof.<br><br>Grace beaam ook ouma Essie se woorde en bevestig Baas se Christenskap. | Bl. 184: "*Kan 'n mens die ewi-ge lewe hê en dit verloor?"*<br><br>Bl. 202: "*Jou reg om 'n Christen te wees maak jou 'n Christen."*<br><br>Bl. 228: *Baas raak aan Grace se skouer. "Is dit wat van jou 'n Christen maak?"<br>"Ja. En die weet," antwoord sy. "Die weet waar ek heengaan, hier, en in die lewe hierna."* |
| **Baas verbind hom daartoe om die sen-dingstasie wat sy ou-pagrootjie begin het, te herstel.** | Wanneer Baas se boot rivier-af dryf (en sy oorspronklike droom dus nie meer bereikbaar lyk nie), begin hy die bankies onder die worsboom weer opsit, asof hy aanvaar dat hy 'n ander doel het. Baas herstel die bankies onder die worsboom en dit is ook 'n aanduiding dat Baas sy identiteit as dié van 'n helper al meer aanvaar.<br><br>Die horings bevestig ook die naam van die sendingstasie en kliniek. | Bl. 245: *Toe dit lig word, kom Grace van Mubuyu af om hom te kom help. Hulle maak die bankies klaar.*<br><br>Bl. 244: *By sy kamp dra Baas Morena se horings teen die bult uit en slaan dit bokant Manaka se naambord teen die stutpaal vas.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Baas aanvaar uiteindelik dat hy verkeerd was in sy verwerping van Christenskap.** | Ouma Essie beantwoord Baas se vrae oor geloof en gee aan hom die sekerheid dat hy 'n Christen is.<br><br>Wanneer Baas ouma Essie se vroeëre woorde dat hy deur die Here na Manaka gestuur is, vir homself toe-eien, aanvaar hy sekerheid oor sy verbintenis met God.<br><br>Baas lees weer sy Bybel. | Bl. 202: "*Jou reg om 'n Christen te wees maak jou 'n Christen."*<br><br>Bl. 243: "*Dankie, Here. Amen."*<br>Bl. 234: "*Wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie?" het ouma Essie gesê.*<br><br>Bl. 240: *… langs die water waar Baas in sy ma se Bybel sit en lees.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 9.1.1 | Plek van die horings ✓ | 1 |
| 9.1.2 | Beide was (buffel-)jagters. ✓ | 1 |
| 9.1.3 | Nee<br>Die hoofkarakter, Baas, beskou homself nie as meerderwaardig nie./Hy behandel almal as gelykes./tree nie baasspelerig teenoor ander op nie./ Alle oudste seuns in die Chipman-familie het die naam Baas gekry.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Die khuta kan Baas as meerderwaardig beskou as hy hulle bevel om voor hulle te verskyn, verontagsaam./mnr. Mosko ignoreer./in die reën laat staan./Mnr. Kebbey/Riekert kan Baas as meerderwaardig beskou as hy nie met hulle planne wil saamwerk nie./hulle teregwys oor hulle slenters. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 9.2.1 | Baas dink/vermoed dat sy oupagrootjie die houtbankies onder die worsboom gebou het. ✓ | 1 |
| 9.2.2 | Baas se voorneme om die bankies te herstel is 'n aanduiding dat Baas se verhouding met die Here herstel het./dat die Bybel weer op Manaka verkondig sal word./dat Baas sy verantwoordelikheid vir die sendingstasie aanvaar./<br>Baas dring (by Nanna) daarop aan dat die herstel van die bankies iets is wat hy self sal doen en dit dui daarop dat die pad na geestelike "herstel" 'n pad is wat hy self moet loop./self klaarheid oor moet kry. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 9.3 | Baas het haar na sy ma vernoem. ✓<br><br>**EN**<br><br>Sy druk tussen Baas en Grace in as hulle langs mekaar sit./Sy hap na Riekert as hy te na aan Baas beweeg. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 9.4.1 | Zambezi Grace ✓<br><br>**EN**<br><br>Sy ma se naam was Grace en die boot gaan op die Zambezi vaar. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na BEIDE dele van die naam verwys.* | 1<br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.4.2 | Riekert impliseer dat Baas die boot na Grace (Tibelelo) vernoem omdat daar 'n seksuele/liefdesverhouding tussen hulle bestaan. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Baas weet nie of hy die boot sal kan klaarmaak nie/of hy ooit sy droom van 'n boot op die Zambezi sal kan bewaarheid nie (want sy geld is op). ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 9.5 | Lewensles: Jou drome word soms (deur die Here) aan jou gegee met 'n ander einddoel in gedagte. (Ouma Essie se woorde)<br>Bewys: Baas besef dat sy roeping as sendeling/Christen sterker as die bootdroom is.<br><br>**OF**<br><br>Lewensles: 'n Mens het ander mense in jou lewe nodig (om jou drome te bewaarheid).<br>Bewys: Baas laat Grace toe hom te help om die boot se romp te herbou. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke lewensles en EEN toepaslike bewys vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 9.6 | Baas het malaria opgedoen./in die hospitaal beland met malaria. ✓ | 1 |
| 9.7 | Die gebruik van kru taal is geloofwaardig/funksioneel want dit beeld Baas se woede/frustrasie uit./ Baas het malaria opgedoen en een van die newe-effekte is dat dit mense baie humeurig maak./ Baas het sy laaste fondse uit sy bankrekening onttrek en is gespanne oor sy finansiële situasie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE redes vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 9.8 | Mense/die inwoners (van Barotseland) verwag Baas moet hulle (onophoudelik) help met kos./medisyne./malariapille. ✓ | 1 |
| 9.9.1 | Nee<br>Terwyl Baas dodelik siek was, het Grace na sy huishouding omgesien./vir sy honde gesorg./heeltyd aan Baas se sy gebly tydens sy siekte by die hospitaal./uiteindelik ook sy lewe gered deur hom hospitaal toe te neem.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Toe Grace siek was, het ouma Essie namens Grace kom pille vra (wat veroorsaak dat Grace deel van die "julle" is). ✓ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.9.2 | **Godsdienstigheid:** "As die Here daar by Manaka vir jou kom sê het ..."/<br>**Eerlikheid:** "Miskien moet ek ook reguit praat ..."/<br>**Simpatie:** "Ek is jammer om te hoor ..." ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE karaktereienskappe EN 'n toepaslike aanhaling vir een punt elk aan.* | 2 |
| 9.10 | 'n Mens sou verwag dat iemand wat so sterk daaroor voel dat hy nie Barotseland toe gekom het om mense te help nie, hom juis sou distansieer van die mense van Barotseland, maar hy is siek omdat hy sy laaste malariapille weggegee het./<br>'n Mens sou verwag dat Baas teen swartmense/die inheemse stam sou wees na sy ouers se moord, maar hy help almal wat na hom toe kom met malariapille. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat moet na beide kante van die ironie vir EEN punt verwys.* | 1 |
| 9.11 | Derdepersoonsverteller ✓<br><br>**EN**<br><br>Ander karakters se perspektiewe/optrede word geloofwaardig weergegee./Die derdepersoonsverteller fokus hier op die waarnemings van ander karakters. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 9.12 | Baas se droom om 'n toerboot op die Zambezi te hê ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Grace impliseer dat die boot nie Baas se uiteindelike droom moet wees nie en later in die roman besef Baas dat die Here se droom vir hom is om 'n sendeling te wees. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

**VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

V = Vuurmaak
C = Chai
W = Wonnie

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Oom Chai** | | |
| **Armoede veroorsaak dat Oom Chai skelm-slim word.** | Oom Chai se skelm-slim-planne sorg dat Ta Vuurmaak 'n gerieflike woonplek het. | Bl. 10: *So vat vier osse en trekgoed en gaan haal dit vir jou want dit sal 'n baie lekker slaapplek uitmaak.*<br>Bl. 12: *Toe dink ek as ek die man se swak plek agterkom, kan ek hom gebruik.* |
| | Oom Chai misbruik George Lewis, omdat George hom sy beste vriend noem sodat oom Chai vir langer as wat hy gewerk het, betaal word. | Bl. 14: *Die Corporal, het Oom Chai verder vir Ta Vuurmaak vertel, het gesorg dat ek drie maande langer betaal word as wat ek gewerk het omdat ek sy enigste vriend was.* |
| | Oom Chai skryf sommer Ta Vuurmaak se naam ook op die lys as een van die Cape-boys wat afbetaal moet word. | Bl. 13: *Ek het jou naam ook opgegee, want ek het gedink miskien het jy ook "next of kin", soos hulle 'n mens se familie noem. Vir jou betaling, Vuurmaak, het ek ook geteken.* |
| **Armoede veroorsaak dat Oom Chai besef dat hy 'n goeie werk moet kry.** | Oom Chai kry werk by Mister Keely, 'n landmeter, waarvoor hy goed betaal word. | Bl. 17: *Your work will be with the town surveyor …*<br>*My beginloon sou sewe pond twee sjielings 'n maand wees, ses werksdae 'n week, met Saterdag halfdag. Met verhoging elke jaar …*<br>Bl. 21: *Hy het my vertel dat Chai 'n witman se werk gekry het.* |

| **Ta Vuurmaak** | | |
|---|---|---|
| **Armoede laat Ta Vuurmaak die geleentheid aangryp om 'n steenmakery suksesvol tot voordeel van hom en sy werkers te bedryf.** | Ta Vuurmaak se steenmakery en die pensioen wat hy kry, sal hom soos 'n koning laat lewe.<br><br>Ta Vuurmaak hef ook sy werkers se lewensomstandig-hede op deurdat hulle van elke drie stene wat hulle maak, twee kry. | Bl. 21*: You, Vuurmaak, het die Engelsman vir my gesê, are well looked after. Take this brick mould and start your own business. People will soon need bricks to build their houses. Only the three of us know how you got the tank, and with your monthly pension you can live like a king.*<br><br>Bl. 22: *Ek het party van die manne wat nie werk gehad het nie, of wat afgedank is, aan die stene maak gesit. Van elke drie wat gemaak is, was twee die maker s'n en een myne.* |
| **Ten spyte daarvan dat Ta Vuurmaak baie arm is, glo hy dit wat jy het, moet jy met ander deel.** | Ta Vuurmaak glo dat jy alles moet deel; daarom moet jy die behoefte van jou broer raaksien. | Bl. 85: *In die lewe, in die lewe is een van die grootste deugde om te deel. Deel met jou broer wat behoefte het.* |
| **Tant Wonnie** | | |
| **Armoede laat tant Wonnie besef dat jy tevrede/dank-baar moet wees vir alles wat jy het, ter wille van oorlewing.** | Tant Wonnie leer haar dogters om dankbaar te wees vir die min wat hulle het.<br><br>Tant Wonnie en Suzan lê op die grond sonder begeertes en hoop, maar is gelukkig.<br><br>Tant Wonnie is bereid om enige werk te doen – solank sy 'n inkomste kan genereer. | Bl. 110: *Hulle het op ander se genade in 'n buitekamer gebly wat eens aan hulle behoort het, …*<br>Bl. 110: *Die drie vroumense het op diervelle op die grond geslaap. Die velle is oordag saam met die komberse en kussings opgerol.*<br><br>Bl. 112: *Sonder om te dink wat more sal bring, het hulle wakker gelê op hulle grondbed, sonder begeertes en sonder hoop, so gelukkig en tevrede soos net 'n dikgedrinkte baba kan wees.*<br><br>Bl. 112: *Tant Wonnie was die wasvrou … Dit was die meeste van die tyd in ruil vir iets om te eet …*<br>Bl. 112: *… en Tant Wonnie het met trots gesê: Ons het nog nooit honger gaan slaap nie.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Tant Wonnie deel met ander selfs dit wat sy as guns van ander ontvang.** | Die mense van Vatmaar kan gratis water kom skep by Tant Wonnie se put – ten spyte daarvan dat die put nie aan haar behoort nie, maar sy net vruggebruik daarvan het. | Bl. 111: *Maar tant Wonnie se put en 'n paar ander het altyd water gehad en almal kon daar kom water skep. Niemand is weggestuur nie ... Sy kon dit weggee soos sy wou.* |
| **Tant Wonnie se armoede het haar nie geldgierig gemaak nie./haar nie aangevuur om geld uit ander mense te wil maak nie.** | Tant Wonnie het op die goedgunstigheid van ander geleef – ook dié vir wie sy gehelp het. | Bl. 110: *Tant Wonnie wou nooit sê hoeveel die medisyne kos nie, ook al het hulle haar reguit gevra. Sy het net gesê: Gee wat jy wil.* |
| **Ten spyte van haar armoede kan Tant Wonnie sterk staan in haar geloof dat sy vanuit die Here se genade leef.** | Tant Wonnie en haar twee dogters het net een keer 'n dag geëet en op die vloer geslaap. Tog het hulle volhard in gebed. | Bl. 112: *Hulle het gewoontlik net een keer 'n dag geëet, en dan het die twee bymekaar gestaan, hande gevat, hulle se oë toegemaak en gesê: Dankie Vader, vir wat ook al in die driebeenpot is. Elke aand as hulle die kooigoed oopgerol het, was dit weer: Dankie, Vader, vir die gesondheid wat ons vandag geniet het.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1 | In die (Windgroves se) buitekamer. ✓ | 1 |
| 11.2.1 | Godsdienstigheid: Hulle bid elke dag./<br>Onselfsugtigheid: Hulle werk sonder vergoeding. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN karaktereienskap en 'n toepaslike bewys vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 11.2.2 | Tant Wonnie ✓<br><br>**EN**<br><br>eerlikheid/nederigheid/onselfsugtigheid ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 11.3 | Hulle help mekaar./staan mekaar by. ✓<br><br>**EN**<br><br>Tant Wonnie verpleeg/gee medisyne gratis aan die gemeenskap.<br>Sus Bet is goedhartig en gee om vir die arm man wat sleg behandel word./<br>Oom Chai betaal vir Ruth se trourok./<br>Oom Chai trou met Bettie om haar eer te red. ✓ | 1<br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 11.4.1 | (Deurdat Tant Wonnie die water wat sy van Dirk Twala kry met die mense van Vatmaar deel), word haar onselfsugtigheid/onbaatsugtigheid/vrygewigheid getoon. ✓<br>**EN**<br><br>Tant Wonnie werk sonder enige betaling./gee medisyne aan mense en sê hulle kan besluit hoeveel/of hulle daarvoor wil betaal. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 11.4.2 | Ja<br>Tant Wonnie se man het nog die put saam met Vatmaar se mense gegrawe.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die put het nou aan hulle buurman, Dirk Twala, behoort. ✓ | 1 |
| 11.5 | Ja<br>Die beskrywing dui hulle armoedige sukkelbestaan/armoede aan. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 11.6.1 | Sus Bet ✓ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.6.2 | Suzan het almal gehelp as hulle iets gedoen wil hê./<br>Suzan het sonder vergoeding gewerk./<br>Suzan het harde hande-arbeid (soos 'n seun) verrig. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 11.7 | Derdepersoonsverteller ✓ | 1 |
| 11.8 | Hy is 'n transportryer./kapkardrywer. ✓ | 1 |
| 11.9 | Sy het vir Tant Wonnie 'n nuwe rok/'n nuwe paar skoene/kruideniersware gekoop./na die winkel geneem om nuwe klere te kry./na haar huis geneem om eers te bad./Sy het met Stoffel Jones gereël om Tant Wonnie (en Suzan) Vatmaar toe te neem. ✓ | 1 |
| 11.10 | Hy is nederig van aard./<br>Hy is eerbiedig/respekvol teenoor vrouens./Tant Wonnie./Mevrou Jones. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Tant Wonnie is moeg na die uitdagings van hierdie emosioneel gelaaide dag./Tant Wonnie is oorstelp oor al die goedheid wat sy hierdie dag beleef het. ✓ | 1<br><br>1 |
| 11.11 | Tant Wonnie is vrygespreek op 'n aanklag van diefstal./<br>Sy het gehoor dat sy 'n huweliksertifikaat kan kry./<br>Sy het ook gehoor dat sy van nou af weduweepensioen kan kry./<br>Sy het gratis klere/'n sakkie kos gekry. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 11.12.1 | Die arm mense in Vatmaar help mekaar,/deel die bietjie wat hulle het met mekaar, maar die dominee se vrou gee vanuit haar oorvloed./spandeer nie haar eie geld op Tant Wonnie nie, maar die halfkrone wat sy by die aanklaer ontvang het. ✓<br><br>**EN**<br><br>'n Mens sou verwag dat die dominee se vrou wat gegoed/ryk is, arm mense help en bystaan, maar in werklikheid is dit die arm mense wat mekaar help en bystaan. ✓ | 1<br><br>1 |
| 11.12.2 | Nee<br>As predikantsvrou is sy veronderstel om nie mense op grond van hulle uiterlike te oordeel nie./barmhartig te wees.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Sy het wel vir Tant Wonnie na haar huis geneem om eers te bad./'n spieël ekstra gegee. ✓ | 1 |
| | | **[25]** |

**VRAAG 12: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

| | | |
|---|---|---|
| M = ma | O = ouma | E = Elsa |
| J = Johanna | K = Kara | |

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS**

| ARGUMENT | ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **MA ELS:** | | |
| **Iris se ma, Els, is nie die tradisionele knap huisvrou/vrou/ma nie, daarom het Iris 'n heel ander lewensuitkyk as die tradisionele.** | Vir Els is tradisionele take soos kosmaak/om haar dogters groot te maak te veeleisend. Iris beweer dat die dogters baie hard aan hulle ma grootmaak. | Bl. 12: *Ek en my susters moes versigtig grootmaak aan ons ma.* |
| | Iris kies byvoorbeeld 'n beroep wat nie haar studies regverdig of byval by haar pa en ander se verwagtings vind nie. | Bl. 41: *"En dis waarvoor ek haar drie jaar op universiteit gehou het, om by die tandarts te werk. Spoeg weg te vee."* |
| | Els versterk Iris se andersheid tydens haar kinderjare as sy byvoorbeeld dit goedkeur dat Iris haar tande met as borsel. | Bl. 15: *"Dis nie kampvuuras waarmee sy daar borsel nie."* |
| **Els waak nie oor haar dogters se sedes nie. Gevolglik sien Iris ook nie seks as iets wat twee mense aan mekaar bind nie.** | Iris beleef die idee dat dit reg is dat sy en Peter skelm by die bure kan gaan swem. Els moedig dit aan en gaan kyk nooit waarmee hulle besig is nie, anders as hoe Peter sê sy ma sal optree. | Bl. 50: *"My ma sou al lankal oor die muur gehang het om uit te vind wat ons alleen hier in die donker doen."*<br>*"My ma loop nie en tob oor ons sedes nie …"* |
| | Els vertel selfs vir Iris dat Peter mooi babas sal maak. | Bl. 51: *" 'n Mooi man. Hy sal pragtige babas ..."* |
| | Dit is dus te verstane dat Iris sommer op die eerste aand nadat sy Peter ontmoet het, saam met hom na sy kamer gaan. | Bl. 39: *... het ek my verwonder dat ek my maagdelikheid so vinnig, so maklik en so ondeurdag aan Peter afgegee het.* |
| | Die ma se reaksie daarna is net so onortodoks. | Bl. 41: *"Jy lyk goed vir iemand wat ..."* |

| | | |
|---|---|---|
| **Els se verstrooid-heid/afwesigheid binne die huishouding veroorsaak Iris se gevoel dat haar ma nie na haar luister nie. Sy skep daarom fiktiewe karakters om hierdie behoefte te bevredig.** | Die tradisionele ma-dogter-verhouding is afwesig en Iris voel dat haar ma ander prioriteite het en dikwels nie na haar luister nie.<br><br>Iris het daarom haar eie fantasiekarakters geskep waarin daar na die hoof-/vrouekarakter geluister word. Sy verwag ook van die Engel om leiding en raad te verskaf. | Bl. 13: *Dis wat ek bedoel. Sy het my nie gehoor nie.*<br><br>Bl. 29: *... sy 'n moderne, geëmansipeerde jong vrou ...*<br>Bl. 177: *"Ek is 'n jong vrou in 'n wêreld vol konflikte en ek voel jy behoort dit vir my op te klaar. Jy moet my vrae kan beantwoord."* |
| **Els weier om saam met haar man plaas toe te trek en so skep dit die idee by Iris dat sy nie altyd Peter se wense hoef te eerbiedig nie.** | Iris veroordeel nie haar ma of pa se keuses nie. Sy en haar susters aanvaar dit so.<br><br>Wanneer Peter vir Iris vra om saam met hom terug te gaan Amerika toe, willig sy nie onmiddellik in nie.<br><br>Iris deel nie Peter se lewensuitkyk dat hulle intieme verhouding op 'n troue moet uitloop nie.<br><br>Els en haar man se vreemde huweliksverhouding beïnvloed Iris se beskouing dat 'n huwelik nie noodwendig die uitvloeisel van 'n gelukkige verhouding is nie. | Bl. 82: *... ek het dit trouens goedgekeur dat Pa weg is om te doen wat hy altyd na verlang het.*<br><br>Bl. 61: *"Wil jy nie saam met my terugkom nie?" het hy skielik gevra. "Na jou ouers?"*<br>*"Nee. Na Amerika."*<br>*"Ek werk dan."*<br><br>Bl. 82: *Ek het geweet dat ek nie vasgevang wou word nie. Ek wou nie aan tafel sit, oorkant 'n mens wat nie meer na my luister nie.*<br><br>Bl. 82: *"Trou?" het ek gevra. "Ek wil nie trou nie. ..." Die onwillig-heid was nie net vanweë my eie ouers se huwelik nie, ...* |
| **JOHANNA:** | | |
| **Johanna wat nie belangstel in trou nie, beïnvloed Iris se siening oor die huwelik.** | Johanna wil nie in 'n verhouding wees, trou en 'n gesin van haar eie hê nie en dit dra by tot Iris se gevoel dat sy nie hoef te trou nie. | Bl. 38: *Van trou wou sy niks weet nie. "Dankie vir my," het sy gesê. "Ek ken darie ding. "*<br>Bl. 55: *Die res van die pad het ek gesit en dink oor die huwelik en gewonder waarom die bevolking van die wêreld so 'n behoefte het om twee-twee af te paar. Johanna was bang vir "darie ding" ..*<br>*.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Johanna is nie die tradisionele onderdanige huiswerker nie en daarom kyk Iris nie vas teen die grense wat mense tradisioneel van mekaar vervreem nie.** | Iris beskou Johanna veel meer as net 'n huishoudster./eintlik deel van die gesin.<br><br>Iris kry eerder raad by Johanna as haar eie ma. Johanna gee haar raad oor haar verhoudings. Johanna beskou die dogters as haar eie kinders. Sy voed hulle op./weier om hulle soos ander huishoudsters "kleinmies" te noem.<br><br>Wanneer Iris alleen voel in New York is dit aan Johanna wat sy dink.<br><br>Iris beleef 'n vriendskapsverhouding tussen haar ma en Johanna. Nadat Iris se pa weg is plaas toe, word Johanna die ma se metgesel wat saamry dorp toe en saam met haar TV kyk. Iris ervaar Johanna se teenwoordigheid as vertroostend nadat haar ma ook plaas toe verhuis. | Bl. 37: *Johanna was relatief jonk toe sy by ons begin werk het en ek dink sy het vinnig besef sy is onmisbaar.*<br><br>Bl. 39: *"Dan's dit hoog tyd jy kry 'n ander een."*<br>Bl. 207: *Ma het heelpad deur die seremonie gesit en glimlag, … Johanna het hardop gehuil …*<br>Bl. 24: *" 'n Snotkind soos jy 'kleinmies' noem?"*<br><br>Bl. 114: *Ek het 'n klein bietjie gehuil oor die briewe en my voorgeneem om 'n foto te neem van Billy sodat ek dit vir Johanna kon wys.*<br><br>Bl. 117: *… en ná Pa weg is plaas toe, het sy al hoe meer saans by my en Ma in die sitkamer kom sit.*<br>Bl. 220: *Dit is nou laatsomer en ek en Johanna sit saam op ons kombuisstoeltjies in die hoek van die skadutuin. Dis halfsewe en ons hou die lelie dop.* |
| **ELSA:** | | |
| **Elsa is die besluitnemer/ aanvanklike broodwinner in haar gesin en daarom glo Iris in sterk vroue soos blyk uit haar fantasieë.** | Iris sien Elsa duidelik as die dominante persoon in haar huwelik met Hannes. Sy is die broodwinner van die gesin terwyl Hannes nog studeer.<br><br>Iris se vrouekarakter in haar fantasie, Greta, is ook die selfstandige, sterk vrou wat nie hulp van Eduard verwag nie. | Bl. 20: *"Hy wil aanhou studeer," het Elsa gesê. "Ons sal leef op my inkomste."*<br><br>Bl. 29: *(Sy was my alter ego en ek was altyd besig om stories te versin.)*<br>*... maar aan die ander kant is sy 'n moderne, geëmansipeerde jong vrou en mors nie te veel tyd met verwyte ...* |
| **KARA** | | |
| **Kara gaan oorsee agter die man in haar lewe aan en daarom beskou Iris dit as normaal om ook Peter na Amerika te volg.** | Anders as die heersende opvatting oor verhoudings dat mans vrouens die hof moet maak, besluit sowel Kara as Iris om agter Claude en Peter onderskeidelik aan oorsee te gaan (al sê Elsa dat vrouens nie agter mans moet aanloop nie). | Bl. 85*: Elsa het my voornemende reis afgekeur. … "n Meisie loop nie agter 'n man aan nie."*<br>Bl. 86: *"Die reël in hierdie gesin is om agter die man aan te vlieg. Twee uit die drie van ons doen dit. Jy's die uitsondering."* |

| | | |
|---|---|---|
| **Kara en Claude se waarneembare liefde vir mekaar skep by Iris die begeerte na ’n romantiese verhouding.** | As Iris sien hoe gelukkig Kara en Claude is, begeer sy ook so 'n verhouding waarin iemand – spesifiek Peter – so lief vir haar is. | Bl. 91: *... meteens hol van verlange na Peter en iemand van my eie om lief te hê.* |
| **OUMA** | | |
| **Iris se ouma se vertelling van die Engel lei uiteindelik tot Iris se oortuiging dat sy hierdie engel geërf het.** | Iris se geloof in die Engel beïnvloed bykans elke faset van haar lewe, want sy begin op hom staatmaak as beskermer, raadgewer en vertroueling. | Bl. 151: *"Ek het hom van my ouma geërf."*<br>Bl. 208: *"Natuurlik moet hy hier wees. Hy, by uitnemendheid, moet vandag hier wees."* |
| **Iris se ouma laat haar glo dat sy net vir haar van die Engel vertel en dit gee vir Iris ’n besef van eiewaarde.** | Iris voel dat sy altyd 'n ondergeskikte posisie teenoor haar susters beklee en dat niemand werklik na haar luister nie. Die feit dat Iris se ouma net vir haar van die Engel vertel, laat haar spesiaal voel./gee vir haar eiewaarde. | Bl. 9: *Niemand het nog ooit regtig na my geluister nie.*<br>Bl. 63: *Sy het die storie dikwels vir my vertel. Net vir my. Elsa en Kara en Ma sou nie verstaan nie, het sy gesê.* |
| **Die ouma se vertelling van die Engel se rol in haar huwelik laat Iris twyfel in hierdie instelling.** | Iris se onwilligheid om te trou het volgens haar sy oorsprong gehad in haar ouma se vertelling dat die Engel intimiteit in die ouma se huwelik verbied het. | Bl. 82: *Miskien het Ouma die saadjie gesaai toe sy my vertel het hoe die Engel in die gang voor die slaapkamerdeur tent opgeslaan het.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

## VRAAG 13: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

| | | |
|---|---|---|
| 13.1 | Tydens Oukersdag/Kerstyd/winter (in Vermont) ✓ | 1 |
| 13.2 | Nee<br>Sy tree meer soos 'n moeder vir die gesin op./Sy het die ma leer kook./Sy het die kinders hulle hare leer vleg./Sy het die pa oortuig om vir haar 'n woonstel te bou./Sy maak 'n plan met motorsleutels wat altyd soek is./Sy leen vir Elsa iets op haar troudag./Sy gee vir Iris raad en vermanings oor verhoudings./Sy beskou die susters as haar kinders.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Vanuit Bettie se Amerikaanse agtergrond ken sy nie die konsep van versorger soos Johanna nie.<br>Bettie kan dink dat Iris se vertellings oordrewe/onwaar was. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 13.3.1 | Iris is onder die indruk dat Bettie selfdood probeer pleeg het (deur gif te drink). ✓<br><br>**EN**<br><br>Die feit dat die Engel vir Iris kom roep omdat Bettie siek is, skep by Iris die idee dat Bettie se ongesteldheid abnormale oorsake moet hê. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 13.3.2 | Iris glo dat sy een kans in haar lewe gaan kry om te blom (soos 'n iris). ✓<br><br>**EN**<br><br>Sy dink dat sy Bettie kan red en so haar blomtyd ervaar deurdat sy as 'n held beskou sal word./<br>Wanneer Iris haar enkel in die sneeu breek, kom sy agter dat haar naam nie haar lewe bepaal nie. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 13.4 | Elsa beplan haar lewe (terwyl Iris altyd gereed is om 'n geleentheid aan te gryp)./<br>Elsa wag nie vir dinge om te gebeur nie./skep die omstandighede wat sy soek./<br>Elsa is altyd prakties (terwyl Iris dikwels in haar verbeeldingswêreld leef). ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Sy verander van 'n onseker/onwillige ma na 'n bedrewe moeder ("veteraan en stigterslid van die Drielingvereniging")./<br>Elsa verander van 'n puntenerige mens t.o.v. haar figuur/huis/kos wat altyd die belangrikste was na 'n pragmatiese mens wat eerder fokus op haar gesin se gerief en geluk./<br>Elsa verander van 'n selfstandige/selfgesentreerde mens na iemand wat ingestel is op haar gesin./kinders. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br>2 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.5 | Met Claude ✓<br><br>**EN**<br>Claude is nie wit nie/van Martinique afkomstig/Franssprekend en Kara is ʼn wit Suid-Afrikaner. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Rassisme/<br>Mans wat sku is vir trou, maar met vrouens saamleef./<br>Feminisme/vroueregte ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 13.6 | Hy bied aan Iris die kans om 'n modelloopbaan te volg (wat sy beskou as 'n moontlike blomtyd)./<br>Hy dwing Iris om na te dink oor haar verhouding met Peter./of sy Peter lief genoeg het om 'n moontlike blomtyd prys te gee./saam met hom Vermont toe te gaan./<br>Hy toon die groot rol wat die Engel in daardie stadium in haar lewe speel aan, (deurdat sy haar keuse om nie ʼn model te word nie, op grond van die Engel se opmerking maak). ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.7 | Ja<br>Iris se werk by dr. Anders lei tot konflik met haar pa, omdat hy gevoel het dat hy vir haar studies betaal het en toe kies sy 'n loopbaan wat geen universiteitsopleiding vereis nie. ✓<br><br>Frederik stuur 'n kabelgram (waarmee hy vir Iris vra om te trou) en dit lei tot spanning tussen Peter en Iris. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir TWEE punte aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 13.8 | Dr. Anders se van skep die verwagting dat hy buitengewoon is,/anders as die norm, maar in werklikheid word hy die stereotipiese middeljarige man (wat 'n middeljarekrisis beleef/van sy vrou skei/jonger meisies kry/uiteindelik prostaatprobleme ontwikkel). ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.9.1 | Sy het die Engel by haar ouma geërf. ✓<br><br>**EN**<br><br>Hy het die eerste keer in Frankryk aan haar verskyn (nadat iemand haar met SA se rassebeleid gekonfronteer het). ✓ | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.9.2 | Die Engel se "dom aap"-opmerking laat Iris saam met Peter Vermont toe gaan./die verhouding uiteindelik vorder./<br>Die Engel se vrae laat Iris besef dat sy net vir Peter lief is./nie vir 'n ander man/Frederik lief is nie./<br>Die Engel lei Iris tot die besef dat 'n doodgewone voorstedelike bestaan ook 'n blomtyd kan wees. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.10 | Ja<br>Die feit dat nét sy die Engel kan sien, het haar spesiaal laat voel (omdat sy altyd ervaar het dat haar susters die kollig steel). ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.11 | Eerstepersoons-/ek-verteller ✓<br><br>**EN**<br><br>Die ek-verteller dui eerstehands aan watter belangrike rol die Engel in Iris se lewe speel./maak Iris se uitdagende houding teenoor haar skoonpa geloofwaardig. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 13.12 | In Bettie se geval/TEKS A verander 'n somber stemming (sy verwerp alles wat Iris sê) in 'n vrolike een. (Bettie vergeet van haar beswaardheid en begin lag dat sy hik.)/verander die negatiewe stemming na ʼn vrolike stemming van opgewondenheid by Iris (omdat die onderwerp van die Engel ʼn kolskoot was). ✓<br><br>**EN**<br><br>In Peter se pa se geval/TEKS B verander die stemming van vrolikheid na be-noudheid (omdat hy ongemaklik met die bonatuurlike is). ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

**AFDELING C: DRAMA**

Beantwoord EEN vraag.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

**VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**K = keuses**

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Blanchie kies 'n verhouding/vriendskap met Map, maar dit versuur haar verhouding met haar ouers./maak haar nie gelukkig nie.** | | |
| **Blanchie se keuse om reeds op skool in 'n verhouding met Map betrokke te raak, versuur haar verhouding met Cavernelis.** | Cavernelis se afkeer van Map lei daartoe dat Blanchie kies om in 'n skelm verhouding met Map betrokke te raak. Dit lei tot gereelde meningsverskille oor Map tussen Blanchie en Cavernelis. | Bl. 11: *Ek weet Uncle Cavernelis het nooit van my gehou nie, maar sê vir hom ... Hy hoef nie meer te worry oor my en Blanchie nie ...*<br>Bl. 23: *Maar ... Daddy ... (Dan huil sy.) ... "Is nie soes Johnnie nie ... 'is nie ... "* |
| **Blanchie se keuse om by Map te staan toe hy na skool by bendes betrokke raak,/sy lyf met tattoe-ëermerke laat versier, vererger Cavernelis se beswaar teen hulle verhouding./laat Blanchie se verhouding met Cavernelis verder ver-swak./veroorsaak haar skok oor sy aandeel in die moord op sy suster.** | Cavernelis spreek hom openlik teen Map uit,/waarsku Blanchie teen Map, maar sy kies om steeds die Johnnie wat sy op skool geken het, te bly liefhê. Blanchie se keuse om nie haar vehouding met Map te verbreek nie, stel haar pa teleur./laat haar die teleurstelling van Map as tronkvoël beleef. | Bl. 11: *Ek het vir Uncle Cavernelis alles vergewe, sê vir hom ... Hy't later gedink ek is rubbish, ek wiet.*<br>Bl. 23: *CAVERNELIS: Ek is ... jammer ... Blanchie ... Maar ... Dis hy ...*<br>*... Hy's 'n ... misdadiger ...* |
| **Blanchie kies om Map skelm in die tronk te besoek al weet sy dat dit haar mense sal teleurstel.** | Map noem aan sy ma dat Blanchie gekies het om hom in die geheim/skelm te besoek ten spyte daarvan dat sy weet dat Cavernelis die besoeke sal afkeur. | Bl. 9: … *Ek wiet sy't ook altyd gekom, sonner lat haar mense wiet …* |

| | | |
|---|---|---|
| **Blanchie kies in 'n stadium om Map nie meer te gaan besoek nie, want sy besef al hoe meer dat Cavernelis dalk reg was./dat dit haar nie gelukkig maak nie.** | Blanchie besef die nutteloosheid daarvan om steeds in Map te glo./vir hom in die tronk te gaan kuier. Sy raak selfs bitter daaroor. | Bl. 24: *Daddy ... Daddy! ... Johnnie ... Johnie, hoekom? ... Johnnie ...*<br>Bl. 24: *BLANCHIE (bitter): Hoekom kom ek jou nog sien!? ... Hoekom ... kom ek jou nog sien!!* |
| **Blanchie kies om uit hul lewensomstandighede te probeer kom, maar dit bring ook nie vir haar geluk nie.** | | |
| **Blanchie kies om Cavernelis in sy droom van beter lewensomstandighede te ondersteun. Dit lei daartoe dat sy selfs as prostituut werk./deur die mense in haar onmiddellike milieu gekritiseer/beswadder word.** | Blanchie begin by die Lonely Hearts-salon werk om haar eie geld te verdien. Sy werk selfs na ure as prostituut omdat sy in die belofte van 'n moontlike modelkontrak wat tot 'n beter lewe kan lei, glo.<br><br>Blanchie verdien geld met die skoonheidskompetisies wat sy wen. Hierdie deelname aan skoonheidskompetisies vervreem haar van die mense in die buurt waar sy bly. | Bl. 2: ... *He really wants us out of here, out, out, ...*<br>Bl. 3: *... Dis hoekom ek vir jou sê ons moet úit hier ...*<br>Bl. 18: *Sy allow haar om ge-use te word deur daai ou dêrre van haar, ou haitie taitie bliksem …*<br>Bl. 18: *Massage parlour, lonely hearts, you name it! Daar's mos geld in daai, man,*<br><br>Bl. 18: *… Beauty competitions, like, vi Blanchie … en dan kry sy mos so-called contracts …*<br>Bl. 41: *... hy druk haar so in alles in, vir geld. Hy's mál oor geld, sê huille, skoon rasend mal oor geld, ...*<br>Bl. 54: *... You and your daddy ... Yes, you and your daddy! All for the money, all for the money, the money ...* |
| **Blanchie kies om Cyril en Richie se venynige optrede teenoor haar te ignoreer. Dit maak haar net meer vasberade om genoeg geld te verdien om uit die woonbuurt te kom.** | Blanchie se besluit om hulle te ignoreer veroorsaak dat hulle haar verder koggel./haar lewe versuur. Hierdie teistering versterk haar besluit om, soos haar pa, geld te verdien om uit die buurt te kom. | Bl. 3: *… Cyril en Richie, en wat hulle name ook al is, ek het vir hulle hier deur die venster dopgehou daar onder, hulle't weer vir Blanchie gemoveer vanoggend.*<br>Bl. 54: *... You and your daddy ... Yes, you and your daddy! All for the money, all for the money, the money ...*<br>Bl. 54: ... *We've got to get the hell out of this township ... Right? ... Right? ... Só sê jou daddy ... vir jare al ... As if we can! As if we cán! ..*<br>. |

| | | |
|---|---|---|
| **Blanchie se keuse om by die Lonely Hearts-salon te werk, het die gevolg dat sy mooi klere dra wat daartoe lei dat die mense oor haar skinder.** | Die feit dat Blanchie met mooi klere rondstap, bewys dat sy die voordele van dié nauurse werkery geniet. Gevolglik vervreem dit haar verder van die mense in hulle woonbuurt./ veroorsaak dit dat sy net al hoe meer getart/beskinder word.<br><br>Die gevolg van Blanchie se deftige voorkoms is dat sy die slagoffer word van wit mans wat haar misbruik. | Bl. 18: *Sy allow haar om ge-use te word deur daai ou dêrre van haar, ou haitie taitie bliksem …*<br>Bl. 18: *… Beauty competitions, like, vi Blanchie … end an kry sy mos so-called contracts …*<br>Bl. 41: *Hy supply haar glo net mooi met alles wat sy wil hê, klere en alles, geld oek ... Sy's stylish deesdae, jong ...*<br><br>Bl.18: ... ammal daai wit varke wat like annerkant die colour line sit, en neerkyk op ons, maar onse township-girlies is mos net so lekke' soes enige anner, ... |
| **Wanneer die modelbase nie die modelkontrak vir Blanchie gee nie, kies sy om Cavernelis te blameer wat tot haar selfverwyt oor Cavernelis se selfdood lei.** | Die wedersydse teleurstelling by Blanchie en Maud oor die modelkontrak wat sy nie kry nie, lei tot ŉ rusie tussen hulle. Cavernelis probeer om haar en Maud te kalmeer.<br><br>Hiertydens blameer Blanchie haar pa vir die teleurstelling. Dit lei tot Cavernelis se selfdood./Blanchie se selfverwyt. | Bl. 55: *"Bitch"? ... "Jintoe"? ... "Teef"! ... Oh, my God ... Antie Maud ... Antie Maud ... How can you ...*<br>Bl. 55: Blanchie ... Maudie ...<br>Bl. 55: *'Is alles Daddy se skuld!*<br><br>Bl. 55: (*Hy kyk na hulle. Hulpeloos. Dan verlaat hy die vertrek, stadig – ŉ man wat platgeslaan is.)*<br>Bl. 61: *'Is nie waar nie!! ... (haar liggaam ruk histeries. Map hou haar vas.) ... Daddy!!*<br>Bl. 61: *Blanchie sak knielend neer op die grond, haar arms om Map.* |
| **Blanchie kies om eerlik met Map te wees/Map te vergewe en sy vind geluk.** | | |
| **Blanchie kies om troos by Map te soek na haar onregverdige verwyt teenoor Cavernelis. Dit lei tot hulle wedersydse belydenis en vergifnis./die versoening tussen Blanchie en Map.** | Map bely dat hy so sleg was as wat Cavernelis gedink het, terwyl Blanchie bely hoe vuil haar lewe was in die tyd toe hy in die tronk was.<br><br>Blanchie en Map raak versoen en Map kan Blanchie na Cavernelis se dood ondersteun. | Bl. 59: *Dis ... Johnnie ... dis Daddy! Daddy! Jy ... kom ... help. Dis daddy!! Daddy!! Daddy!!*<br>Bl. 60: *Daddy ... Ek weet ... ek ... (Dan skielik, hard.) Johnnie ... Wat het ... met ons gebeur ...*<br>Bl. 60: *Ek is so vuil, Johnnie ... Ek het vir jou ... alles ge-vertel ...*<br>Bl. 60: *Ek het vir jou ... alles ge-vertel ... Blanchie ...*<br>*Ek het vir jou ... ook ... ge-vertel ... alles ... Johnnie ...*<br><br>Bl. 60: *Hulle hou mekaar styf vás. Soen mekaar hartstogtelik ...*<br>Bl. 61: *Blanchie sak knielend neer op die grond, haar arms om Map.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 15.1 | Hy kom van sy smousery af./Hy het sy soft goods verkoop. ✓ | 1 |
| 15.2.1 | Cavernelis is sku, omdat hy nie regtig met La Guma wil meng/praat nie./dink dat hy beter as die ander mense van die township is./moeg is na 'n harde dag en nie praatjies wil maak nie. ✓ | 1 |
| 15.2.2 | Te verstane: Cavernelis wil ook belangrik voorkom./wil 'n indruk maak op La Guma./Engels word beskou as die taal van die belangrike mense./geleerdes./ gesiene mense in die samelewing./La Guma praat Engels. ✓<br><br>Ongewoon: Cavernelis is afkomstig uit die Boland waar uitsluitlik Afrikaans gepraat word./Sy herkoms is Afrikaans. ✓ | 1<br><br>1 |
| 15.3 | Cavernelis werk bedags (by die poloniefabriek) en na werk gaan smous hy./bedryf hy sy tweede werk./Hy het twee werke. ✓ | 1 |
| 15.4 | Ja<br>Maud is haar stiefma./<br>Daar is nie 'n goeie verhouding tussen Maud en Blanchie nie./<br>Binne sekere taalvariëteite is die aanspreekvorm "antie" i.p.v. "tannie" die norm. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 15.5 | "daai lastige drel"/"agter mense aan"/"altyd agter mense" ✓<br><br>**EN**<br><br>Wanneer Map uit die tronk kom, hou Willy la Guma aan om aan Map te karring. (terwyl Map niks sê nie).<br>La Guma dring hom op aan Richie en Cyril om hulle Kerrimspelery te kritiseer./by die politieke akwititeite/revolusie betrokke te raak. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir TWEE punte aan.* | 1<br><br>2 |
| 15.6 | Die regering het die mense ontwortel./<br>Die regering sorg nie vir goeie geriewe/fasiliteite nie./<br>Die regering skep nie genoeg werksgeleenthede nie./<br>Die regering veroorsaak dat die mense ver van hulle werksplekke woon./<br>Die regering veroorsaak armoede/misdaad/wetteloosheid/moord/ verkragting. ✓✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied VIER redes vir EEN punt elk aan.* | 4 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.7 | (Dit is geloofwaardig dat La Guma die township as 'n tronk beskou), want niemand het nog uit die township getrek nie./hulle het geen ander heenkome nie. ✓<br><br>(Dit is geloofwaardig dat La Guma hom uitspreek oor die swak lewensomstandighede in die township), want die mense lewe onder die broodlyn./sterf onder die broodlyn./die mense se lewenstandaard/lewenstyl verbeter nie in die township nie./ daar is baie armoede./werkloosheid.✓<br><br>Willy la Guma sê ook dat die lewe in die township ondraaglik is as gevolg van verskeie sosio-maatskaplike probleme en die bendes/misdaad in die township. ✓ | 3 |
| 15.8 | In Cavernelis se woonstel ✓<br><br>**EN**<br><br>Die toneelaanwysing beklemtoon Maud se sarkastiese opmerking./ontsteltenis./beterweterigheid./die hopeloosheid van die situasie.✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 15.9 | Cavernelis het nooit gedink dat hulle kontrakbreuk gaan pleeg nie./nie hulle woord gaan nakom nie./Cavernelis se droom om uit die township te trek sal nie waar word nie, want nou sal hy nie genoeg geld hê nie./Cavernelis sal nie uit die township kan trek nie. ✓ | 1 |
| 15.10.1 | Ja<br>Die meeste mans, (Cyril Richie, Map) wil graag met haar praat./Sy is vriendelik en groet almal vriendelik./Almal wil graag saam met haar gesien wees. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 15.10.2 | Maud is nydig/afbrekend wanneer sy Blanchie as "sweetheart" aanspreek./Maud gebruik die aanspreekvorm "sweetheart" juis om die idee te skep dat Blanchie nie die modelagentskap se "sweetheart" is nie./nie goed genoeg was om die kontrak te kry nie. ✓ | 1 |
| 15.11 | Uiterlike konflik ✓<br><br>**EN**<br><br>Blanchie en Maud pluk mekaar rond./ Blanchie klap vir Maud./Daar vind fisiese/verbale konflik plaas. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 15.12 | Nee<br>In TEKS I stem hulle saam oor hulle opinie van La Guma, maar in TEKS J verskil hulle/stry hulle, omdat Blanchie nie meer Parys/Paris toe gaan nie. ✓<br><br>**EN**<br><br>Die stemming in TEKS I is gemoedelik/vriendelik,maar dit verander na 'n gespanne/vurige/vyandige/antagonistiese stemming in TEKS J. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

***MIS* – Reza de Wet**

**VRAAG 16: *MIS* – Reza de Wet – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**Me = Meisie**
**Mi = Miem**
**K = Konstabel**
**G = Gabriël**

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **MIEM:** | | |
| **Meisie se vryheid word beperk deur haar ma se besluit om haar deur manipulasie en dreigemente tot die huis te beperk.** | Meisie hunker na die vryheid van 'n normale jongmenslewe, maar haar ma se eise laat haar tuisbly. | Bl. 27*: KONSTABEL: Maar kom u dan nie uit nie, Juffrou? Die dorp is tog nie ver nie?*<br>*MEISIE: My ma het my hier nodig. My ma het net vir my.* |
| | Meisie se skuldgevoel teenoor haar ma weerhou haar van enige vryheid. Sy bly by die huis as gevolg van haar ma se siekte. | Bl. 30: *MEISIE : ... Ek was ongehoorsaam. My ma het siek geword ... van die ontsteltenis.* |
| | Selfs Meisie se denke/gedagtes word beperk en sy is te bang om oor die sirkus te praat. | Bl. 28: *MEISIE: Nee! Ek mag nie daaroor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink, is om te doen.* |
| **Miem se besluit om as broodwinner 'n inkomste deur mis te genereer beperk Meisie se vryheid.** | Meisie ontvang geen besoekers van haar ouderdom nie en kan gevolglik nie leer hoe om te sosialiseer nie. | Bl. 26: *KONSTABEL: Werklik Juffrou? Kry u nie besoekers nie?*<br>*MEISIE: Nie eintlik nie.* |
| | Meisie en haar ma moet elke dag werk om aan die lewe te bly, gevolglik is daar geen tyd vir 'n jongmenslewe nie. | Bl. 27: *KONSTABEL: En is hier baie om te doen?*<br>*MEISIE: Ja. Ek kry my werk nooit klaar nie.* |
| | Meisie vertel vir die konstabel van haar verbode sirkusbesoek. Tydens hierdie sirkusbesoek fassineer veral die kou met voëls wat wegvlieg haar. | Bl. 11: *MEISIE: (opgewonde) Is daar baie liggies en is die tent groot?*<br>Bl. 29: *MEISIE: ... Die man maak 'n kou oop en voëls vlieg uit. Alle soorte met baie kleure. Hulle hang in die lug bokant haar.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Miem se keuse om 'n oorbeskermende/domine-rende ma te wees, verhoed dat Meisie vryheid kan smaak.** | Miem verkies om vir Meisie by die huis te hou en haar vryheid so in te perk. | Bl. 14: *MIEM: Dit is waar. Ek weet nie wat ek sonder haar sou doen nie.* |
| | Sy maak staat op Meisie se teenwoordigheid vir haar eie persoonlike gewin. Wanneer Meisie trou, sal haar man weer terugkom na haar toe. | Bl. 40: *MIEM: As sy trou, sal hy afkom. Hy sal net moet. Hy sal beskaamd wees as sy dogter weggegee word deur 'n ander man.* |
| | Miem laat Meisie skuldig voel wanneer sy na die sirkus wil kyk./manipuleer haar emosioneel. | Bl. 7: *MIEM: Destyds het jou onge-hoorsaamheid my diep gegrief. Jy ont-hou seker hoe siek ek was. Ek kon vir twee weke net gortsop eet!* |
| | Miem neem nie Meisie se begeertes in ag nie en oor-heers haar lewe. Sy neem besluite namens Meisie. Miem is voorskriftelik oor hoe Meisie moet optree./wat sy mag dink. | Bl. 10: *MIEM: ... Ek wens u kon haar sien Konstabel. 'n Fees vir die oog. Miskien wil u haar hare voel? Toe, Meisie, laat die konstabel aan jou hare voel*. |
| | Miem noem Meisie nie op haar regte naam nie en ver-oorsaak so indirek 'n minderwaardigheidsgevoel/ identiteitsloosheid by Meisie. | Bl. 6: *MIEM: Kom nou, Meisie, hou reguit*.<br>Bl. 20: *MIEM: En maak toe die deur, Meisie!* |
| | Miem se siektetoestand ver-oorsaak dat sy nie baie beweeglik is nie en Meisie gevolglik altyd daar moet wees om haar te help. | Bl. 22: *GERTIE: (Na die kort stilte) Ja, die arme vrou het baie om te verduur. (Sagter) Sy praat nooit daarvan nie, maar sy is glad nie gesond nie. Suikersiekte en water op die knieë.* |
| | Miem manipuleer Meisie om te bly deur haar bang te praat oor die gevaar wat buite die huis skuil. | Bl. 7: *MIEM: (gerusstellend) Maar toe maar, my kind. Die dominee en al die ouderlinge bid die hele nag.* |
| | Miem se Calvinistiese uitkyk is daarvoor verantwoordelik dat die sirkus/-liggies/-mu-siek vir Meisie taboe/boos is. | Bl. 7: *MIEM: (staan op. Kwaai) Lig-gies! Jy weet ek het jou verbied*. |

| | | |
|---|---|---|
| **Miem se besluit om nie vir Meisie al die inligting oor die verdwyning van die meisies te gee nie, veroorsaak dat Meisie nie die vryheid wat Konstabel haar bied, herken as die moontlike gevaar nie.** | Meisie weet nie dat die ander meisies in hulle wit aannemingsrokke en kaalvoet verdwyn het nie; daarom verskyn sy in die slot van die drama (op aanbeveling van Konstabel) in haar wit aannemingsrok en kaalvoet. | Bl. 50: *Ek het gehoor hulle gaan slaap. Toe kom ek maar. Jy het gesê my aannemingsrok.* |
| **Miem se besluit om Gertie by haar in die kamer te laat slaap maak dit vir Meisie makliker om in die slot van die drama saam met Konstabel te gaan.** | Indien Miem vir Gertie in Meisie se kamer laat slaap het, sou sy 'n beter ogie oor Meisie, nadat hulle kamer toe is, kon gehou het. | Bl. 10: *Jy kan op die klein bedjie in my kamer slaap. Meisie, neem solank juffrou Gertie se goed kamer toe.*<br>Bl. 50: *Ek het gehoor hulle gaan slaap. Toe kom ek maar. Jy het gesê my aannemingsrok.* |
| **Miem se besluit om Konstabel toe te laat tot die huis, beïnvloed Meisie se uiteindelike vryheid.** | Meisie sou nooit saam met Konstabel die huis verlaat het nie, as Miem hom nie toegelaat het nie . | Bl. 15: *Net 'n oomblik, Konstabel. Ek sukkel 'n bietjie met die slot. (Sluit die deur oop). So ja. (Maak die deur oop) Kom gerus binne.* |
| **Miem maak die besluit om Meisie aan Konstabel af te smeer, wat haar bevryding vergemaklik.** | Sy vertel vir Konstabel van Meisie se kookvernuf.<br><br>Miem vertel vir Konstabel van Meisie se uiterlike skoonheid, onbewus daarvan dat hy werklik kan sien hoe sy lyk.<br><br>Sy laat toe dat Konstabel aan haar gesig voel ten einde te "sien" hoe 'n jong meisie lyk.<br><br>Sy laat ook toe dat Meisie saam met Konstabel na buite gaan om die slopemmer uit te gooi. Dit gee ook vir Meisie die geleentheid om met Konstabel te praat rakende haar verdwyning saam met hom later die aand. | Bl. 24: *Meisie kook die heerlikste kos, weet u. Sy maak die beste bredies in die distrik en bak die ligste koeke.*<br><br>Bl. 25: *Jy hoef nie skaam te wees nie, Meisie. En haar hare is so lank en sag. Ek wens jy kon haar sien, Konstabel.*<br><br>Bl.37: *Maar natuurlik, Konstabel. Met graagte. Meisie, sê vir die Konstabel dit sal 'n plesier wees.*<br><br>Bl. 39: *Dit is gaaf van u, Konstabel.*<br>Bl. 40: *Vir wat fluister hulle so? En staan so dig teen mekaar?* |
| **Miem besluit om Konstabel tog te laat bly nadat sy hom weggejaag het.** | Nadat Miem Konstabel weggejaag het na sy bedekte beskuldiging van Gabriël, verander sy van plan. Hy bly dus die gevaar in die huis wat uiteindelik vir Meisie manipuleer om die huis te verlaat. | Bl. 33: *Konstabel ... ek was miskien 'n bietjie haastig. ... Konstabel, sal u tog nie maar bly nie?* |

| | | |
|---|---|---|
| **Miem se besluit om te gaan slaap terwyl Konstabel nog in die huis is, maak dit vir Meisie makliker om uit die huis te glip in die slot van die drama.** | Alhoewel Miem in die begin van die drama vir Meisie gerusstel dat sy die hele nag oor haar sal waak, gaan slaap sy en Gertie – wat daartoe lei dat Meisie ongesiens haar kamer weer kan verlaat om vir Konstabel te ontmoet. | Bl. 49: *Ek weet nie, Gertie. Ek ... het so 'n aardige gevoel. Maar wag, ek wil nie spoke opjaag nie. Kom ons gaan slaap.*<br>Bl. 50: *Ek het gehoor hulle gaan slaap. Toe kom ek maar. Jy het gesê my aannemingsrok.* |
| **GABRIËL:** | | |
| **Gabriël se keuse om homself te isoleer het ook 'n aandeel in Meisie se vasgevangenheid.** | Gabriel het gekies om homself sewe jaar gelede van sy gesin te onttrek, wat veroorsaak dat Meisie nou nêrens heen kan gaan nie. Sy moet haar ma help om te oorleef.<br><br>Meisie het geen man in haar lewe as rolmodel nie en ook geen verhouding met haar pa nie. Haar pa maak haar bang.<br><br>As gevolg van Gabriël wat hom na die solder onttrek het, is hulle alleen verantwoordelik vir hulle welsyn en kan hulle nie die huis verlaat nie. | Bl. 22: *GERTIE: Haar man. Sewe jaar gelede het hy mos opgegaan. Ja, net na die Depressie. Sy moet hom hand en mond bedien maar* hy sê *geen dooie woord nie* ...<br>Bl. 48: *MIEM: Hy het die solderdeur agter hom toegesluit en al het ons gesoebat en gesmeek ... hy het nog nooit weer sy verskyning gemaak nie*.<br><br>Bl. 5: *MEISIE: (fluisterstem) Ek is bang ... As ek opkyk, sien ek sy benerige, wit hand.*<br>*MIEM: (sag en kwaai) Skaam jou! Jou eie pa!*<br><br>Bl. 22: *GERTIE*: *(Na die kort stilte) Ja, die arme vrou het baie om te verduur. (Sagter) Sy praat nooit daarvan nie, ... En dan (wys na die plafon) is daar nog hy.* |
| **KONSTABEL:** | | |
| **Die konstabel speel 'n belangrike rol in Meisie se vryheid wanneer hy besluit om haar te oortuig om saam met hom weg te loop.** | Die konstabel wen Meisie se vertroue wanneer hy haar op haar regte name noem. Hy gee vir haar hierdeur identiteit en selfvertroue.<br><br>Die konstabel kry vir Meisie werklik jammer wanneer sy hom van haar vasgevange lewe vertel.<br><br>Die konstabel bied vir Meisie vryheid wanneer sy teenoor hom kan bieg oor haar beklemmende omstandighede.<br><br>Die konstabel bied Meisie die geleentheid om in 'n gelukkige jongmens te ontluik. | Bl. 27: *KONSTABEL: En wat is dit? Jou regte naam?*<br>*MEISIE: (baie skaam) Margareta.*<br>*KONSTABEL: (innig) Jy't 'n mooi naam, Margareta.*<br><br>Bl. 27: *KONSTABEL:* (*met innige meegevoel) Ek is jammer, Juffrou.*<br><br>Bl. 27: *MEISIE: Eers was ons baie ryk. 'n Hoed en 'n rok vir elke dag. En nou ... Ma sê die mense bejammer ons ... Ek skaam my.*<br><br>Bl. 51: *Sy staan ook stil. Terwyl sy na hom kyk, haal sy haar hande van haar ore af en laat haar arms sak. Sy beweeg haar kop effens op maat van die musiek.* |

| | | |
|---|---|---|
| | | *Dan begin sy fyn danspassies uitvoer wat herinner aan dié van 'n marionet. Sy begin nou deur die kamer dans. Haar dans word uitbundiger. Sy lag en dans om en om die tafel.* |
| **Konstabel se keuse om Meisie as "Juffrou" aan te spreek, wen reeds haar respek en berei sy manipulasiespel op haar voor.** | Deur Meisie as Juffrou aan te spreek, skep Konstabel die geleentheid vir Meisie om haar eie mens te wees wat met respek behandel word. Sy glo dus dat hy respekvol is en wanneer hy dan later voorstel dat sy hom ontmoet in haar aannemingsrok, vermoed sy nie onraad nie. | Bl. 27: *Ek is jammer, Juffrou.*<br>MEISIE: *(skielik laggie) Dis snaaks. Niemand het my nog so genoem nie.* |
| **Konstabel se besluit om Meisie (met die slopemmer) te help, gee hom die basis om haar vertroue te wen.** | Omdat Meisie hom as vertroueling sien, glo sy ook dat hy haar kan bevry uit haar haglike omstandighede. | Bl. 38: *Laat ek help.*<br>Bl. 39: *MEISIE en KONSTABEL beweeg met die slopemmer na die agterdeur. Van die inhoud spat uit.* |
| **MEISIE:** | | |
| **Meisie maak die keuse om haar ma te glo en bly sodoende iemand wat nie vir haarself kan dink nie.** | Omdat Meisie alles glo wat haar ma sê, bly sy vasgevang in haar ma se matriargale mag. | Bl. 27: My ma het my hier nodig. My ma het net vir my.<br>Bl. 28: *Nee! Ek mag nie daaroor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink, is om te doen.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Meisie maak die keuse om haar omstandighede met Konstabel te deel. Onbewustelik dra hy dan kennis van al haar emosies/ verlange/drome en kan hy haar manipuleer om saam met hom te verdwyn.** | Meisie vertel vir die Konstabel dat sy vasgevang voel omdat sy daagliks moet werk en missakke moet vul.<br><br>Meisie deel met Konstabel haar verlange na geselskap.<br><br>Sy deel die feit dat sy vasgevang voel omdat haar ma haar nodig het. Dit is ook die rede waarom sy nooit uitkom nie.<br><br>Meisie deel ook haar liefde vir die sirkus met die Konstabel. Sy voel egter dadelik skuldig, maar die feit dat hy haar nie veroordeel nie en belowe dat hy niemand sal vertel nie, oortuig haar om dié verlange met hom te deel. | Bl. 26: *Aan die einde van die maand word dit in sakke gesit. (Wys na die sakke) en ons verkoop dit ... Maar dit stink!*<br><br>Bl. 26: *Laas jaar het Danie Venter kom kuier. Een Sondag. Die wind het reg gewaai. Die wind het die vlieë weggewaai en die huis het geruik na rose.*<br>KONSTABEL*: (gretig" Ja? En toe?*<br>MEISIE: *Toe ... (treurig) draai die wind.*<br><br>Bl. 27: *My ma het my hier nodig. My ma het net vir my. Ek kry my werk nooit klaar nie... Eers was my hande sag. (Strek haar vingers uit) En nou, eelte op al my vingerpunte!*<br><br>Bl. 28: *Die sirkus.*<br>MEISIE*: (Draai na die KONSTABEL. Skielik vreesbevange) Moet tog nie vir my ma sê nie, asseblief.*<br>KONSTABEL*: Ek sal nie.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Meisie se besluit om by die venster te staan en na die liggies te kyk veroorsaak dat haar ma al hoe kwaaier word.** | Meisie se smagting na bevryding word uitgebeeld deur haar gereelde uitloer by die venster na die sirkus. Hiermee haal sy egter Miem se argwaan op die hals. | Bl. 7: *Ek kyk na die liggies.*<br>MIEM: *(staan op. Kwaai) Liggies! Jy weet ek het jou verbied!* |
| **Meisie maak besluite wat aandui dat sy na vryheid smag.** | Sy kies om roosbome voor haar venster te plant om sodoende te poog om van die stank ontslae te raak.<br><br>Meisie kies om nie 'n vingerhoed te dra nie. Daardeur kom sy in verset teen haar ma – sal eerder seer kry. Hierdie rebelse aksie dui op haar smagting na bevryding.<br><br>Meisie mag nie deur die venster na die sirkusliggies kyk nie, maar sy gebruik elke geleentheid wat sy kan om | Bl. 26: MEISIE: *Ek ... het roosbome voor my venster geplant.*<br><br>*Bl. 4: MIEM: Ja, jy wil mos nie 'n vingerhoed gebruik nie*<br><br>*Bl. 28: MEISIE: (besig om te loer. Opgewonde) Hier, by die venster. Ek kyk na die groot tent en al die liggies!* |

| | | |
|---|---|---|
| | daarna te kyk.<br><br>Meisie glip uit na die sirkus/ geniet die towenaar in die sirkus se toertjies, alhoewel sy weet sy mag nie./Meisie vra vir Gertie nuuskierig uit oor die sirkus. | *Bl. 29: MEISIE: Ek sien die tent. Die groot tent en die liggies. Die musiek word harder en harder. Ek klim deur die venster, spring af tussen die rose ...* |
| **Meisie kies uiteindelik om haar eie geluk eerste te stel. Haar keuse lei tot uiteindelike vryheid van haar mislike bestaan en oorheersende ma.** | Meisie bewerkstellig haar vryheid uiteindelik self wanneer sy besluit om, sonder haar ma se medewete, saam met die konstabel in die middel van die nag weg te loop. | *Bl. 50: MEISIE: (koponderstebo en skaam) Ek het gehoor hulle gaan slaap. Toe kom ek maar. Jy het gesê in my aannemingsrok.*<br>*Bl. 51: Sy dans na die agterdeur. Voordat sy oor die drumpel dans, staan sy stil en kyk om na die KONSTABEL. Hy maak 'n effense buiginkie en wys haar met 'n sjarmante handgebaar by die deur uit.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 17: *MIS* – Reza de Wet – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 17.1 | Letterlik: Sirkus/buiteruimte/sirkusmusiek/<br>Figuurlik: sinneloos/doelloos/oppervlakkig ✓<br><br>**EN**<br><br>Miem gebruik dié woorde om na mense wat op wêreldse genot fokus, te verwys./<br>Miem verwys na mense wat die sirkus bywoon ten spyte van verskeie waarskuwings./<br>Miem se Calvinistiese/kerklike agtergrond veroorsaak dat sy na die sirkus-musiek as "klinkende simbale" verwys./<br>Miem beskou die sirkus as iets boos./’n euwel. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 17.2.1 | Gertie se voorkoms: sy dra 'n hoed/sy haal die hoed af (die tradisionele onderwyseres/die vrou van daardie tyd se voorkoms).<br>Gertie se optrede: sy trippel op een plek/swaai haar arms, (want sy verwag dit van haarself as die LO-onderwyseres) ✓✓ | 2 |
| 17.2.2 | Gertie veroordeel die sirkus ook wanneer sy en Miem daaroor praat. ✓ | 1 |
| 17.3.1 | Miem is sorgsaam/simpatiek, maar ook dominerend/verkleinerend/krities. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na BEIDE kante vir EEN punt in sy/haar antwoord verwys.* | 1 |
| 17.3.2 | Ja<br><u>Miem is sorgsaam/simpatiek teenoor</u>:<br>MEISIE as sy haar verseker dat sy haar sal beskerm in 'n oomblik van gevaar bv.<br>"Maar toe maar my kind. Die dominee en al die ouderlinge bid die hele nag."/"My arme kind. Maar moet jou nie bekommer nie."<br>KONSTABEL as hy hulle vertel hoe hy blind geword het bv. "Dat so iets u nou moes oorkom. U moeder was seker gebroke."<br>GABRIËL as sy hom versorg. ✓<br><br>**EN**<br><br><u>Miem is dominerend/kritiserend/verkleinerend teenoor</u>:<br>MEISIE as sy vir haar voorskryf hoe om haar opdragte uit te voer<br>bv. "Sit regop! Hoeveel keer moet ek dit nog sê? As jy 'n man wil hê, moet jy let op jou postuur." ✓<br><br>*Die kandidaat kan soortgelyke antwoorde aanbied.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 17.3.3 | Gertie is ook sorgsaam/simpatiek.<br><br>As Meisie haar met die naald raaksteek, sê Gertie vir haar: "Aag tog, het jy jou raakgesteek?"/<br>As Miem haar borstrok gaan uittrek, sê Gertie aan die konstabel: "Ja, die arme vrou het baie om te verduur ... "/<br>Gertie bewys simpatie aan Konstabel met haar woorde: "Ek weet dit kan nie maklik wees nie. Al maak u so min daarvan."/<br>Gertie sê simpatiek van Meisie: "Die arme kind wat so laat moet werk ... sy is seker doodmoeg ... " ✓✓ | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| | *Die kandidaat kan 'n soortgelyke antwoord BINNE KONTEKS aanbied*. | |
| 17.4.1 | Dit is 'n goeie tyd vir Miem en Meisie, omdat hulle gedurende die lente mis verpak/verkoop vir mense se tuine./landerye. ✓ | 1 |
| 17.4.2 | Meisie gaan ontluik net soos die vrugtebome wat vroeg bot./<br>Meisie is die ontluikende een wat gaan blom./<br>Meisie gaan haar eie mens word en eie besluite neem soos om saam met die konstabel te vlug./<br>Die lentetyd sluit aan by Meisie se bevryding. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 17.5.1 | Dit is die aand waarop meisies die vorige twee jaar verdwyn het./<br>Gertie is bang, want sy bly alleen./is ongetroud./'n oujongnooi./<br>Gertie is bang vir 'n moontlike moordenaar/verkragter wat op hierdie aand gaan toeslaan. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 17.5.2 | Nee<br>Sy is te oud./'n oujongnooi./pas nie by die profiel van die slagoffers nie.<br><br>**OF**<br>Ja<br>Sy is enkellopend en voel kwesbaar./sy voel blootgestel./<br>Sy verkeer onder die waan dat sy mooi en jonk genoeg is om ook as 'n moontlike slagoffer beskou te word.✓ | 1 |
| 17.6 | Die neweteks sluit by die titel *Mis* aan, omdat dit na die sakke verwys waarin die (diere-)mis verkoop word. ✓ | 1 |
| 17.7 | Die Groot Depressie ✓<br>Hulle het die plaas verloor (en is in armoede gedompel). ✓<br><br>**EN**<br><br>Deur Meisie so te beperk, is Miem verseker van hulp in die huis./met die missakke./dat sy wat Miem is nie self die werk hoef te doen nie./<br>Miem is sieklik en moet op Meisie staatmaak om al die werk te doen. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.* | 1<br>1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 17.8 | (Miem)<br><br>As Miem hom van Gabriël vertel, reageer Konstabel simpatiek teenoor Miem. ✓ | 1 |
| 17.9 | Dit verleen aan Meisie eiewaarde./statuur./<br>Hy erken haar menswees./Hy plant 'n saadjie van volwassewording./<br>Hy manipuleer haar./Hy wil haar guns wen. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Miem noem haar Meisie om haar te domineer./onderdruk./Sy word nie as volwassene erken nie. ✓ | 2<br><br><br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| | *Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.* | |

| | | |
|---|---|---|
| 17.10 | Gertie verwag dat sy veilig in Miem se huis sal wees, omdat sy nie alleen sal wees nie, maar die gevaar in die vorm van Konstabel kom juis Miem se huis binne./maar Miem se gasvryheid veroorsaak dat sy ook die gevaar/Konstabel by hul huis innooi. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na BEIDE kante van die ironie verwys.*<br><br>**EN**<br><br>Miem verwag dat Meisie veilig sal wees, omdat sy as ma 'n ogie oor haar kan hou,/seker kan maak dat Meisie veilig bly, maar sy is juis die een wat die gevaar/Konstabel die huis innooi./na Meisie toe bring./maar Meisie voel juis vasgevang deur al die baie werk/haar mislike bestaan in die huis en soek juis daarom bevryding. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na BEIDE kante van die ironie verwys.* | 1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

**AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **5–6** | **4** | **3** | **2** | **0–1** |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>**6 PUNTE** | -Diepgaande interpretasie van onderwerp<br><br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br><br>-Uitstekende begrip van die genre en gedig | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en gedig duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp.<br><br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en gedig | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp<br>-Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie<br><br>-Onvoldoende begrip van genre en gedig | -Geen begrip van die onderwerp nie<br><br>-Geen verwysing na die gedig nie<br><br>-Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| **STRUKTUUR EN TAAL** | **4** | **3** | **2** | **1** | **0–1** |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>**4 PUNTE** | -Samehangende struktuur<br><br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br><br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek<br>-Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | -Duidelike struktuur en logiese vloei van argument<br>-Vloei van argumente kan gevolg word<br><br>-Taalgebruik is grootliks korrek<br><br>-Toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br><br>-'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel<br>-Geringe taalfoute<br><br>-Toon en styl meestal gepas | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br><br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br><br>-Taalfoute beduidend<br><br>-Toon en styl nie geskik nie | -Struktuur swak<br><br>-Ernstige taalfoute<br><br>-Foutiewe styl |

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **12–15** | **9–11** | **6–8** | **4–5** | **0–3** |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>**15 PUNTE** | -Diepgaande interpretasie van onderwerp<br><br>-Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en teks | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br><br>-Respons redelik gedetailleerd<br><br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br><br>-Begrip van genre en teks duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br><br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br><br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br><br>-Basiese begrip van genre en teks | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>-Min punte wat die onderwerp ondersteun<br><br>-Baie min relevante argumente<br><br>-Weinig begrip van genre en teks | -Geen begrip van die onderwerp nie<br><br>-Swak poging om die vraag te beantwoord<br><br>-Argumente oortuig nie<br><br>-Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| **STRUKTUUR EN TAAL** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>**10 PUNTE** | -Samehangende struktuur<br><br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Uitstekende inleiding en slot<br><br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | -Duidelike struktuur<br><br>-Logiese vloei van argument<br><br>-Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br><br>-Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br><br>-Paragrafering meestal korrek<br><br>-Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br><br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br><br>-Paragrafering foutief<br><br>-Taalfoute beduidend Toon en styl nie geskik nie | -Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>-Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br><br>-Paragrafering foutief<br><br>-Styl en toon nie geskik nie |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **20–25** | **15–19** | **10–14** | **5–9** | **0–4** |

Kopiereg voorbehou